Jaargang 57 Nr. 2

ISSN 1029-8754
AUGUSTUS 2009

VCHO 50 (1999)

ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Dis kongres!

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding,**
- **Christelike onderwys en**
- **Christelike wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug." (Spreuke 1:7)

"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Johannes 4:23 & 24:
Maar daar kom 'n uur, en dit is nou – Ds Pierre Simond, 1699

"UITGESPROKEN AAN DE KAAP DE GOEDE HOOP" OP SONDAG 25 JANUARIE 1699
HERHAAL TE AMSTERDAM OP 17 OKTOBER 1706
DIE WARE AANBIDDING EN DIE WARE AANBIDDERS
OF
LEERREDE OOR JOH. 4: 23 & 24
"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou"

(2de deel)

Dink nie broers dat Jesus wil hê dat in die verlede die Vader sulke aanbidders nie wou hê nie. Hy het Hom wel met die uiterlike en vormlike diens tevrede gestel. Maar voortaan wil Hy op 'n ander wyse gedien wees, naamlik in gees en in waarheid. So, asof God, volgens die Evangelie 'n ander wil gehad het as onder die Wet. Niks daarvan nie broers. God is onveranderlik in sy natuur en ook in sy wil. By Hom is geen verandering of skadu van omkeer nie. En eintlik het Hy dit nooit gewens of gevra of 'n welbehae in 'n ander diens gehad as die aanbidding in gees en in waarheid nie. Want, ofskoon God die diens van die Wet ingestel het, wat soos reeds gesê, bestaan het uit brandoffers en offerande, wassings en reinigings en dergelike uiterlike wetsvervullings, moet ons tog nie dink dat God daarmee tevrede was, of dat ware aanbidding bestaan het in die dinge wat Hy van sy volk geëis het nie. Inteendeel; Hy het die hele uitwendige diens verafsku as dit nie gepaard gegaan het met die geestelike aanbidding, waarsonder die eerste in sy oë niks as geveinsdheid was nie. Die verklaring wat Hy daarvoor in sy Woord gee is so baie dat ons nooit aan 'n end sal kom as ons dit alles sou opnoem nie. Ons sal ons dus eers bepaal tot wat ons leer in die eerste hoofstuk van die openbarings wat die Here gee aan sy ou volk deur die mond van sy profeet in Jesaja 1:10-14: "Luister na die woord van die Here, julle Sodomsleiers! Gee ag op wat ons God julle leer, julle Gomorrasvolk! Wat het ek aan julle baie offers?" vra die Here. "Ek is sat van die offers van ramme en die vet van voerbeeste; die bloed van bulle en lammers en bokke staan My nie aan nie. As julle kom om voor My te verskyn wie het julle gevra om My voorhowe

Vervolg op bl. 2

IN HIERDIE UITGAWE

Uitnodiging 3
Materie-potensiaal van Darwin.....1
Wetenskapsbeskouing vir 21ste eeu.....8
Calvyn en die onderwys.....8
Christenwees in 'n sekulêre wêreld.....9
Christen-wetenskaplikes stel standpunt.....11
Lewensbeskouing.....11

Die oudste bestaande gereformeerde preek in Suid-Afrika

Erediens gehou deur ds Pierre Simond – Hugenote-predikant

(2de deel)

Vertaal en verwerk deur prof. A.W.G. Raath

te kom vertrap? Moenie langer julle nuttelose offergawes bring nie. Ek het 'n afsku van julle wierookoffers, nuwemaansfeeste, sabbatsvierings, die uitroep van feesdae. Ek verdra nie feesvieringe met onreg saam nie. Julle nuwemaansfeeste en feesgetye haat Ek. Hulle is vir My 'n las. Ek is moeg daarvoor." So spreek die Here tot die ou Jode. Kyk hoe Hy elke deel van die uiterlike diens, wat Hy hulle voorgeskryf het, verwerp, omdat hulle dit verrig het sonder geloof, vroomheid en toewyding. Dus sonder die geestelike betekenis.

Ons kan nog baie ander verduidelikings hieraan toevoeg, wat nie minder duidelik aantoon dat die ware aanbidding wat God van sy volk eis, nie moes bestaan uit die vervulling van uiterlike dinge nie en dat Hy eintlik nooit 'n ander aanbidding verlang het as dié in gees en waarheid nie. Maar, behalwe die verklarings uit God se Woord blyk dit ook uit die saak self. Want ongetwyfeld het God altyd behae daarin gehad, as die mens van sy verkeerde neigings afstand doen en nie sonde doen nie, wat dan die besnydenis van die hart genoem word. Maar wie sal dink, sonder om die soewereine wysheid van God tekort te doen, dat Hy 'n behae daarin had, dat met 'n mes 'n klein deel van die menslike liggaam afgesny is, waaruit die uitwendige besnydenis bestaan het?

Almal weet dat dit God welgevallig was dat die mens Hom gebede, dankseggings en lofprysings gebring het. Dat hy Hom sy hartstogte en begeertes geoffer het. En dat hy Hom die offerrande gebring het van 'n hart verslae deur diepe smart omdat dit Hom beledig het. Maar wie sal dink dat God met welgevalle die slag van diere aangesien het en die vleis en vet sien rook het op die vuur. Elkeen sal maklik insien dat dit God behaag het wanneer die mens hom rein gehou en van sonde afgesien het. Of dat hy, ná hy gesondig het, hom deur berou daarvan gereinig het. Maar wie kan hom voorstel dat God ooit daarmee tevrede was, dat die mens sy liggaam en klere sou was ter vergewing van sy sonde. Dieselfde geld vir al die ander van die uiterlike diens van die Wet van Moses. 'n Mens sou wel baie stompsinnig moes wees of baie onwaardige gedagtes omtrent Gods wysheid en majesteit moes koester, indien hy sou dink dat God genoeë neem met 'n erediens sonder geloof, sonder vroomheid en sonder waaragtige toewyding aan Hom. 'n Diens wat deur die geveinsdes dikwels vir die uiterlike met meer nougesetheid verrig is, as deur die ware gelowiges.

U sal seker vra waarom God dan die uiterlike en vleeslike diens ingestel het as dit Hom nie geval het nie? Hierdie dien om duidelik verklaar te word. Ons vind in die boeke van Moses, dat byna al die verskillende dele van die erediens in die vorm van gebooie voorgeskryf was. En ondanks dit verklaar God ten opsigte van die offerandes en brandoffers wat die grootste deel van die diens uitgemaak het, dat Hy hierdie dinge nie gebied het nie. In Jesaja 43:23 spreek die Here aldus tot sy volk: "Ek het jou nie belas met graanoffers nie, jou nie moeite aangedoen om vir My wierookoffers te bring nie." Nog duideliker staan dit in Jeremia 7:22-23: "Toe ek julle vaders uit Egipteland laat trek het, het Ek hulle nie beveel om vir My brandoffers en ander offers te bring nie. Maar wat Ek hulle beveel het is: Julle moet My gehoorsaam. Dan sal Ek julle God

Vervolg op bl. 4

Vriendelike herinnering

Nou het die kongres aangebreek

Datum: 29 Augustus 2009, 08:00.

Lokaliteit: Lesingsaal K15 in die kelderverdieping, JS van der Merwegebou, Potchefstroomkampus (Aanwysings sal op kampus voorsien word).

Tema: Onderwys in Suid-Afrika staan voor 'n beslissende oomblik – watter uitkomste is daar lewensbeskoulik gesien: Darwin, Dawkins of Calvyn?

Referente: Drr. Wikus Buys, Hennie Mouton en Henk Stoker.

Registrasiegeld: R50 (studente gratis).

Uitnodiging tot deelname aan ons lesers

In afwagting

Dit is met intense afwagting dat ons die komende kongres van ons Vereniging tegemoetgaan. Ons het besonderhede daaroor reeds in die April-uitgawe (bl. 8) van ons blad voorsien. Die kongrestema soos geformuleer en die samehangende onderwerpe wat aangebied sal word, gee 'n aanduiding van die grondige bestekopname en evaluering wat deur ons hoofbestuur gedoen was, toe daar tydens 'n vergadering aan hierdie belangrike saak oorweging gegee was. Dit vertolk die ingesteldheid wat daar ten opsigte van openbare onderwys in Suid-Afrika tot op tersiêre vlak in hierdie geledere heers, en waarmee verklaar wil word dat ons ons in 'n tyd van beslissing bevind, waarin die Christen opgeroep word om besinnend, eerlik en ondersoekend na die onderwyssituasie in te kyk met hierdie kritiese vraag in gedagte: voldoen die uitkomste wat deur die heersende onderwys gelewer word werklik aan die bedoeling wat ons met Christelike onderwys in gedagte het?

Kongres-inkleding

Die kongres-inkleding, met die drievoudig gekose onderwerpe, wil dus die onderwyssituasie in Suid-Afrika onder die soeklig plaas, met die oog op 'n objektiewe beoordeling van die strominge wat daar tans heers, en wat ons onderwys in die breë deurspoel. Twee van hierdie onderwerpkeuses is op die ondersoek na die heersende tendense wat plaaslik en oorsee in die onderwys gevestig geraak het gerig, naamlik om die lewensbeskoulike inhoude wat deur die Darwinistiese en Dawkinsiaanse denkskole in die onderwys oorsee en plaaslik ingedra, en as gesaghebbende wetenskap geleer word, te ontleed. Die evolusieleer word in ons eie openbare skole- en universiteitebedeling as die fundamentele en nasionale uitgangspunt vir die verwerwing van kennis en lewenshoudinge voorgehou, sonder aansiens van geloofsoortuiging en lewensbeskouing, alhoewel daar op die demokratiese beginsel dat elkeen die reg het om in die keuse van sy/ haar geloofs- en kulturele agtergrond en voorkeur opvoeding en onderwys te kan ontvang, geroem word. Deur die nuwe rigting wat veral vanuit Engeland aangegee word het Dawkins, wat 'n verklaarde Godloënaar is, die wetenskaplike wêreld op sleeptou geneem met sy holistiese wetenskap.

Aktueel en relevant

Die tema van die kongresbesprekinge sal op die uiters aktuele en relevante saak van lewensbeskoulike vorming, benewens kennistoerusting, wat as primêre doelstellings deur die skool en die universiteit onderneem word, gefokus wees. Maar, terwyl dit beloof om baie interessante insigte te open, waarop ons referente wat die lewensbeskoulike uitkomste van die evolusieleer en holistiese wetenskap sal ontleed, hulself deeglik voorberei, moet ons terselfdertyd op die lewens- en wêreldbeskoulike gevolge wat hierdie twee wetenskapsbeskouinge vir die opvoeding en onderwys inhou, bedag wees. Die belangrike punt waaroor dit egter in die kongresvoordragte gaan is dat ons indringend en skerp bewus gemaak moet word van die uitwerking van hierdie wetenskaplike rigtings op denke en lewenshouding. Dit is geensins die vernuwing van denke waarvan die Skrif leer nie. Sodra eenmaal tot die ontstellende bevindinge gekom word van wat die uitwerking van evolusionistiese en holistiese wetenskaplike en lewensbeskoulike uitgangspunte op die kinders en jongmense van Suid-Afrika tot gevolg sal hê, sal daar baie beslis anders oor die heersende uitkomste van die onderwys gedink word. Wanneer hierdie ontdekkings gemaak word sal Christen-ouers nie langer bereid wees om met die huidige stande van sake genoeë te neem nie.

Uitnodiging tot beginsel-gesprek

Dit is teen hierdie agtergrond dat die belangrike boodskap van ons kongres gestel wil word. Dit dien as 'n oproep tot die Christelike onderwysgemeenskap om ons te vergewis van die meedoënloos onhoudbare lewensbeskoulike uitkomste-basis waarmee die hedendaagse onderwys gekompromitteer word, deur die natuurreligie en vooruitgangsfilosofie van die evolusionisme en die apostatiese opskorting van harmoniërende kosmologiese verhoudings van die holisme. Die voorgestelde kongres-bespreking gaan wesenlik daaroor of religieus-lewensbeskoulike struktuur en rigting gevind kan word, wat die onderwys uit die greep van die heersende lewensbeskoulike krisis van die evolusionisme sal kan ontstrengel. Die hoofbestuur is van oordeel dat daar 'n voor-die-handliggende oplossing vir hierdie noodsituasie waarin die opvoeding en onderwys hom bevind bestaan. Dit is dan die uitdruklike bedoeling met die derde voordrag van die kongres. Hierin sal 'n goed-ingestudeerde in Christelik-gefundeerde onderwys voorgaan, deur die kern-uitgangspunte vir 'n objektiewe herwaardering van die Calvinisties-georiënteerde lewensbeskoulike waarhede volgens die Christelike oortuiging te stel. Dit is die innige verwagting dat hierdeur 'n deur oopgemaak sal kan word terug na Christelike onderwys, wat vir Suid-Afrika se kinders en jongmense 'n nuwe toekoms kan verseker. Aan elkeen wat hierdie ideaal met ons deel word 'n hartlike uitnodiging gerig: kom wees deel van die gesprek oor 'n verantwoordbare lewensbeskoulike oplossing vir die onderwys. Met die oog hierop wil ons graag ook ons referente vir voorbidding aan die Here opdra.

- Red.

Vervolg van bl. 2

wees. Maar julle moet leef soos Ek julle beveel, sodat dit met julle kan goed gaan." U sien, broers, dat God openlik verklaar dat Hy nie dinge beveel het nie, wat tog uitdruklik voorgeskryf is in die wet van Moses. Hoe kan dit wees? U sal dit maklik verstaan as u op hierdie twee dinge let: Ten eerste, dat God die seremoniële deel van die Wet nie eintlik voorgeskryf het nie maar slegs toegestaan het. En tweedens, dat hoewel God so 'n diens wel aan sy volk wou toestaan, Hy dit nie aan hulle keuse wou oorlaat, of aan hul vrye wil nie, maar dit in alle besonderhede wou voorskryf. Maar alleen in sy neerbuigende goedheid en om Hom te verplaas binne die bereik van die begripsvermoë van sy volk. En hierdie volk was onwetend en ongevorm, omdat dit in slawerny gebore en opgevoed was onder voortdurende hande-arbeid in Egipte. Boonop was die volk baie geneig tot afgodery. Soos hulle dit onder die Egiptenaars gewoond was. Dit blyk in die hele geskiedenis van hierdie volk, vandat hulle uit Egipte uitgelei was tot hulle as straf vir hul afgodery na Babilon gevoer is. Soos hierdie volk dus, enersyds onwetend en ongevorm en andersyds tot afgodery geneig was, was dit nie tot 'n suiwer geestelike diens in staat nie. Hulle het 'n diens nodig gehad wat uit tasbare dinge bestaan, sodat dit vir hulle in hul kinderlikheid aanvaarbaar sou wees. Hulle sou die diens van God volkome verwerp het, of vir hulle 'n diens gekies het na eie smaak of selfs die verfoeilike godedienste van die naburige volke gekies het, eerder as hulle te skik na 'n totaal geestelike diens wat bokant hul begripsvermoë was.

Daarom het God, wat in al die weë waarmee Hy met die mensdom kom, altyd hul swakheid en broosheid in aanmerking geneem, in sy goedheid Homself geplaas binne die bereik van die begrip van sy volk en dit hulle toegestaan om Hom te dien met 'n uiterlike vleeslike diens. In die tweede plek voeg ek daaraan toe dat God die diens nie aan die willekeur van sy volk wou oorlaat nie, maar die vorm, die wyse en alle omstandighede voorgeskryf het, omdat Hy wou hê dat hierdie diens oral dieselfde sou wees. Ernstig en vol majesteit, uit gehoorsaamheid jeens Hom gebring. En om tot hulpmiddel te wees om hierdie volk te onderrig. Om hulle tot die ware geregtigheid en heiligheid te vorm. Om hulle op te lei tot die ware diens wat God toekom. En uiteindelik dat hulle in die verskillende dele, skadu's en voorbeelde, lyne en omtrekke sou vertoon van dié dinge wat God eendag, in die volheid van die tyd, aan die lig sal bring.

Om al hierdie redes wou God self die vorm van hierdie uiterlike diens voorskryf, maar dit het Homself nooit behaag nie. God het dit dus nooit as 'n waaragtige diens aan Hom geëis nie. En toe sy volk hulself so aan die diens geheg het dat hulle die hele godsdiens daaruit laat bestaan het, sonder die geloof, die godsvrug, die berou en die ander dinge van die geestelike diens te vervul, het God hulle nie alleen daaroor berispe deur sy profete nie, maar hulle ook openlik gesê, dat Hy die hele sogenaamde diens verwerp. Dat dit vir Hom 'n gruwel was en absolute geveinsdheid. Indien Hy soms getuig het dat hierdie uiterlike diens vir Hom aangenaam was, soos dit wel verskeie male gebeur het ten opsigte van offerandes, was dit alleen om die geloof, die toewyding en vroomheid, met ander woorde die geestelike diens waarmee ware gelowiges dit gebring het.

Dus enkel en alleen die aanbidding in gees en in waarheid is vir God aangenaam. Daarom, toe die tyd en die oorsaak vir die instelling van die uiterlike skadudiens van die Wet ophou bestaan het, moes dit beëindig word om plek te maak vir die geestelike aanbidding soos God dit van sy hernude volk vra. Dit is die eerste rede wat Jesus aanvoer vir die komende vestiging van die nuwe diens, wanneer Hy sê: "Daar kom 'n tyd en dit is nou, wanneer die ware aanbidders deur die Gees en in waarheid sal aanbid". Sy wil alleen moet vir ons reeds voldoende wees, want wie kan ontken dat God aanbid en gedien moet word ooreenkomstig sy wil.

Maar Jesus gee nog 'n rede, wat Hy aan die natuur van God self ontleen: "God is Gees", sê Hy, "en die wat Hom aanbid, moet Hom deur die gees en in waarheid aanbid." Hierdie rede is so logies, dat dit homself verklaar, want omdat die mens vleeslik is en aan die stof verbind is, is dit nie vreemd dat hulle behae skep in uiterlike dinge wat die sinne ontroer nie. Maar omdat God Gees is en niks met stof gemeen het nie, boonop 'n gees wat die harte vorm en die geveinsde gedagtes sien, moet Hy ongetwyfeld gedien word op 'n manier wat met sy natuur ooreenkom. Hy moet dus nie gedien word deur uiterlike wetsvervullings, soos die seremonies van die Wet was nie, maar op 'n geestelike wyse, deur die werking van die verstand en die hart en die vermoëns van die siel.

Verskeie van die heidene, byvoorbeeld Cato en Cicero, het dit reeds erken, sodat ons die onderwerp nie verder sal toelig nie. Ons volstaan deur te sê, voordat ons hierdie rede afsluit dat, soos Jesus in ons teks duidelik sê, die tyd reeds gekom het, dat die aanbidding in gees en in waarheid die uiterlike skadudiens moes vervang. Hierdie voorspelling is toe weldra vervul. Want deur die Evangelie wat Hy kort daarop laat aankondig het, het Hy nie alleen die las van die seremonies nie opgelê aan diegene onder die heidene wat hulle tot Hom bekeer het nie, maar Hy het selfs dié Jode daarvan bevry wat hulle onder sy tug gestel het. Hy het aan albei slegs die diens in gees en in waarheid voorgeskryf. Hy het nog meer gedoen, want kort na die volledige openbaring van die Evangelie het Hy selfs onder die ongelowige Jode die uiterlike diens van die Wet afgeskaf. Hy het dit nie alleen gedoen deur die verwoesting van Jerusalem en die tempel nie, wat die setels was van die diens van Moses en die enige plek in die wêreld wat God vir die diens en die seremonies bestem het, maar ook deur die verstrooiing en verspreiding van die hele Joodse volk. Want daardeur het dit vir die volk onmoontlik geword om die wet van die seremonies waar te neem. Veral met betrekking tot die vernaamste dele daarvan. Hieruit kan 'n mens, in teëspraak met die Jode, gemaklik besluit tot die instelling van 'n nuwe diens, omdat teenswoordig, sedert die verwoesting van hul tempel en hul volksbestaan, God nie meer ge-

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

dien kan word volgens sy voorskrifte in die Wet nie, en omdat aan die ander kant God nie gedien kan word na die gedagtes van mense nie, sou Hy sedert die tyd verstoke gebly het van alle diens van die mens. Dus, God het in die plek van die uiterlike diens, die diens in gees en in waarheid daargestel, wat Jesus hier bekendgemaak het en waarvan ons ook weet dat dit Hom toegebring word deur alle volke en op alle plekke waar sy nuwe volk ook al woon.

Ons sou, broers, nog baie kon sê oor die gewigtige onderwerp. Maar dit wat ons aangestip het, is voldoende vir ons om die teks goed te verstaan. Daar bly vir ons nou nog slegs oor om enkele toepassings te maak van die les wat Jesus daarin gee. Dit bevat die kort begrip van die godsdiens wat Jesus ingestel het. Daaruit kan ons uitmaak hoeseer die godsdiens van Rome verskil van die diens wat Jesus deur Homself gegee het. Ek wil dus nie praat van die teenstelling wat tussen die twee bestaan met betrekking tot die leer nie. Ek wil slegs aantoon watter verskil daar bestaan met betrekking tot die erediens. Want die godsdiens van Jesus het alle seremonies van die Wet afgeskaf en dit beveel ons om God in gees en in waarheid te aanbid. Maar die godsdiens van Rome laat die seremonies herleef. Hulle skryf tallose dinge voor en laat die diens byna geheel daaruit bestaan. Dit beveel, byvoorbeeld, die nie eet nie van sekere soorte vleis op seker tye van die jaar. Dit skryf voor om bedevaarte te doen, sekere kerke te besoek wat hulle heilig ag; die bid van die rosekrans, ek weet nie hoeveel keer die *Onse Vader* en die *Ave Maria* te herhaal nie; om op die blote liggaam gewyde graankorrels te dra, *Agnus Dei*, relikwieë, skapuliere ('n deel van 'n monnikspy, waarvan een helfte die bors bedek en die ander helfte oor die rug hang) een of meer kruise te dra, jou met 'n koord te omgord, die grond te soen, jouself op 'n bepaalde manier met 'n bepaalde kleur te klee, kaalvoet te loop, sandale te dra, prosessies te hou en ek weet nie hoeveel andere dergelike dinge nie. Maar dit alles is nog slegs 'n geringe deel van die oneindig baie seremonies wat Rome in sy openbare erediens ingevoer het. Daaroor is dik boeke geskryf. Genoeg om 'n mens gedurende sy hele lewe daarin te laat studeer.

Ek sal hier nie sê dat hierdie seremonies verderflik is deur hul groot aantal nie, maar dat die godsdiens oorstelp word deur die voorskriftelike noodsaaklikheid wat hulle groter ag as die gewigtigste pligte. En deur die mening wat hulle koester, dat dit die genade, die vergewing van sondes en die ewige heil sal verwerf. Ek kan hier nog aan toevoeg, dat die meeste van hierdie seremonies nie alleen in stryd met alle rede is nie, maar ook volkome ongeskik, kinderagtig en belaglik. Dat verskeie van die gebruike reëlreg in teëspraak is met God se Woord. Dit is slegs geskik om mense van die ware godsvrug af te keer, deur hulle met ydele en ligsinnige dinge besig te hou en dat uiteindelik almal veroordeel word deur hierdie uitspraak van die Here: "Tevergeefs eer hulle My, deur te onderrig wat die gebooie van mense is." Ek laat dit alles daar en stel my daarmee tevrede deur te sê dat die seremonies van Rome volkome in teenstelling is met die aanbidding wat Jesus deur die Evangelie ingestel het: naamlik om God in gees en in waarheid te aanbid. Dat, aangesien die kerk haar kindwees ontgroei het en tot volwassenheid van die Evangelie gekom het, God nie meer deur seremonies gedien wil wees nie. Hy het hulle deur die Wet self ingestel, hoe sou Hy seremonies kon goedkeur deur mense uitgedink?

Ons kan miskien sê dat daar in die Christelike kerk baie onkundiges en onwetendes is, wat nie minder die hulp van seremonies nodig het as die Israeliete van vroeër nie. Maar hierdie verontskuldigings is ydel en nietig en dit beledig selfs die wysheid van die Here, want die Here het goed geweet hoedanig die swakheid van sy volk sou wees en tog het Hy hulle baie min seremonies gegee, naamlik, die doop en die Nagmaal, wat boonop so eenvoudig en so gemaklik is om toegepas te word, dat hulle niks uiterliks en bestudeerds het nie. Jesus wil dat ons die onwetendheid en sinnelikheid van die eenvoudigstes tegemoetkom, deur 'n duidelike uiteensetting van die verborgenhede van die Evangelies, en nie deur onsinnige seremonies nie.

As God hulle aan sy ou volk voorgeskryf het, beweer die mense dan om eweveel gesag te hê in die kerk as God self? Weet hulle dan nie dat, soos ons kinders anders regeer as volwassenes, God daarom aan die ou kerk seremonies gegee het, omdat dit toe in die kindertyd was. Maar dat in die hedendaagse tyd die seremonies nie sou pas by die volwasse leeftyd nie en nog minder seremonies wat deur die onbeskaamdheid en bygeloof van die mense uitgevind is.

Loof God, broers, dat Hy ons nie slegs in die eerste Christene verlos het van die uiterlike en uitvoerige diens van die Wet van Moses nie, maar dat Hy ons ook verlos het, in ons Vader van die seremonies wat die eiewaan, die onwetendheid en die begeerlikheid van die mense in die kerk ingevoer het. Loof God, dat Hy ons laat verstaan het deur sy Woord, dat nie in dié dinge sy diens bestaan nie, maar dat Hy gedien wil word in gees en in waarheid. Maar laat ons waak daarteen dat dit nie vergeefs en tot ons veroordeling is dat ons die insig verkry het nie. Want hoeveel is daar onder ons wat bly staan het by die uiterlike van die Godsdiens en wat hulle verbeel dat hulle hul baie goed van hul pligte kwyt, omdat hulle kerk toe gaan, hoewel hulle met hul gees afwesig is en hul hart nie by die Woord is, wat verkondig word nie. Ook nie by die gebede wat opgestuur word, of by die liedere wat gesing, of die sakramente wat bedien word nie. En hoeveel andere is daar nog wat, onder voorwendsel dat God in gees en in waarheid gedien moet word, die kerkdienste minag en die diens van God tot niet laat gaan. Laat ons ons broers, behoed sowel vir die vleeslike toewyding van die eerstes, as vir die hoogmoedige geestelikheid van die ander. Laat ons tog nie dink dat Jesus ons van die seremonies bevry het om ons die geleentheid te gee om na die vlees te

Vervolg op bl. 6

Vervolg van bl. 5

lewe, of in sy diens te verflou nie.

Hy het slegs die uiterlike diens van die Wet verander in ’n geestelike en evangeliese diens. Ons is nie meer verplig om te hou by die voorskrifte van die wet van Moses nie, maar wel om ons ernstig te verplig tot die geestelike pligte wat dit uitbeeld. Hy wil nie meer dat ons besnydenis aan die liggaam plaasvind nie, maar in die gees, deur die sonde soos ’n kleed uit te trek. As offerrande begeer Hy nie dat ons hom stiere of bokke bring nie, maar ons liggaam en ons gees as ’n lewende offerande. Dat ons vir Hom ons hartstogte en begeertes opoffer. Ons reukoffer moet nie wees dat ons wierook brand nie, maar dat ons Hom ons gebede en ons dankseggings aanbied en in alle dinge die goeie reuk van sy Evangelie en van ’n heilige lewe versprei. Hy wil ook nie meer dat ons reinigings bestaan uit die was van ons liggaam en klere nie, maar wel dat ons onsself reinig van liggaamlike en geestelike onreinheid.

Hy wil nie hê dat ons Sabbat en ons feeste bestaan uit die nie doen van handewerk nie, maar wel dat ons Hom ons hele lewe wy as ’n heilige fees en gedurig rus van die werk van sonde. Hy wil nie meer dat ons ons woonplekke verlaat om Hom ver weg te gaan aanbid nie, maar Hy wil dat ons self ’n tempel vir Hom sal wees. Dat ons Hom aanbid in die heiligdom van ons hart en dat ons bid op enige plek sonder toorn of twis. Broers, dit is die aanbidding in gees en in waarheid wat God volgens die Evangelie eis, in plaas van die vleeslike skadudiens wat Hy in die Wet ingestel het. Christene, as u hom hierdie regmatige en noodsaaklike aanbidding nie bring nie, bring u ’n vreeslike oordeel oor uself. Hoe ligter die las is en hoe sagter die juk, hoe minder verontskuldigings is daar as u uself nie daaraan onderwerp nie. Dit is bygelowig om die diens van God in uiterlikhede te laat bestaan noudat die tyd van die seremonies met die kindwees van die kerk verbygegaan het. Maar dit is goddeloos om Hom in geheel nie te dien nie, of om sy diens te verwaarloos. Rome sondig deurdat hulle beweer dat hulle God aanbid op ’n manier wat Hy nie gevra het nie.

Maar ons sondig nog meer as Rome as ons God nie die aanbidding gee wat ons weet Hom toekom en vir Hom aangenaam is nie. Laat ons, broers, daar tog meer aan dink as wat die meerderheid van ons doen. Laat ons nie die uiterlike verwaarloos, waarsonder die diens van God nie volbring kan word nie, maar laat ons onsself ook nie tevrede stel deur alleen die kerk te besoek en die erediens by te woon nie. Laat ons met al die opmerksaamheid van die gees en al die liefde van ons hart daaraan deelneem. Pas op dat ons nie dieselfde verwyt word waarmee God eertyds die Jode verwyt het – Mattheus 15: 8: “Hierdie volk eer My met die mond, maar hul hart is ver van My af.” Laat ons voortaan die Vader aanbid in gees en in waarheid. Laat ons Hom aanbid deur dade van lewende geloof, opregte berou, van ongeveinsde liefde, kinderlike vrees, vurige toewyding en diepe ootmoed. Dit moet geskied deur al die handelinge van u siel wat vol aanbidding is vir sy grootheid, sy barmhartigheid en die wondere van sy genade. Dan sal die Vader ons as sy ware aanbidders en sy kinders erken. Hy sal van dag tot dag die genade oor ons vermenigvuldig, totdat Hy ons opneem in sy heerlikheid, om Hom te aanbid tot in alle ewigheid saam met die engele en die geluksaliges. Amen!

VHO

Is dit Darwin, Dawkins of Calvyn?

Darwin, Dawkins en Calvyn staan as die vaders van denkrigtings in die wêreld bekend, rondom wie se nalatenskap daar in die onderwys en wetenskap lewensbeskoulike standpunte gevorm en uitgebou is en word, wat spesifieke wêreldbeelde voortgebring het, waarop in ons dag steeds voortgebou word. Die Christen van die 21ste eeu sal dringend 'n keuse moet maak waar hy of sy hulle gaan skaar, met die oog op die toekoms van onderwys en wetenskap in Suid-Afrika.



Darwin

Dawkins

Calvyn

Die materie-potensiaal uitgangspunt van Darwin se evolusieteorie

Dr Hennie Mouton

In die titel van my bydrae (kongres-onderwerp) word na evolusie as 'n teorie verwys. Sommige Bybelgelowiges gebruik die term "teorie" in die sin waarin dit dikwels in die algemene spreektaal beteken dat as iets net 'n teorie is, is dit nog nie prakties bevestig nie. Hulle sê dan dat evolusie net 'n teorie is om die punt te maak dat dit nie veel werd is nie. Maar in wetenskaplike taal beteken teorie dat daar goeie wetenskaplike getuienis voor bestaan. Omdat aangetoon kan word dat daar geen goeie getuienis vir evolusie bestaan nie, praat ek baie eerder van die evolusie-hipotese as die evolusieteorie. Na my mening sou mens dus kan sê dat evolusie net 'n hipotese is, wat dieselfde bedoel as dat dit, spreektaalgewys, net 'n teorie is, maar wat die moontlikheid van dubbelsinnigheid uitskakel.

Wat word verstaan met die term materie-potensiaal-uitgangspunt?

Eerder as om 'n definisie te probeer gee, kan mens na 'n paar opmerkings en stellings van evolusioniste self kyk wat die breë trekke van hul lewensbeskouing aan die lig bring. Dit kom daarop neer dat materie en energie al is wat daar is, met die mens die mees gevorderde resultaat van 'n natuurlike proses wat die mens nie in gedagte gehad het nie. God bestaan dus nie volgens hierdie lewensbeskouing nie.

Waartoe kan of het die evolusieleer gelei, of moontlik meegewerk?

1. Verlies aan objektiwiteit en die vermoë om vrylik te dink en te kritiseer in die wetenskapsveld, met gevolglike swak wetenskap:
   * Die wetenskaplike ideaal dat mens die getuienis volg waarheen dit ookal lei, bly in die slag as objektiwiteit verminder.
   * Gebruikmaking van eerlike getuienis of selfs enige getuienis raak in sommige gevalle onbelangrik.
2. Vervlakking van die waarheidsbegrip:
   * Waarheid word relatief – wat vir een waar is, is nie noodwendig vir 'n ander waar nie.
3. Aftakeling van die outoriteit van die Bybel:
   * Evolusionistiese wetenskap het die direkte gegewens in die Bybel immers verkeerd bewys, volgens evolusioniste.
   * Die Bybel is nie God se woorde nie, maar op die beste mense se opinies oor wie en hoe God was en is.
4. Verswakking of afwatering van die Godsbegrip:
   * Evolusie poog om alles sonder God te verklaar.
   * Heelwat evolusioniste is openlik ateïsties.
5. Bevordering van humanistiese en semi-humanistiese gelowe:
   * Alle gelowe is eintlik reg en aanvaarbaar behalwe dié wat menseregte en natuur-"regte" aantas of benadeel, en dié wat aanspraak maak op kennis van enige "enigste" begrippe.
6. Agnostisisme en skynbare ateïsme neem toe, en mense bly verlore en ongered.

Hoe bekamp 'n mens dit?

1. Gebed, want sonder God se genade en hulp is dit onmoontlik.
2. Opleiding, boeke, ander media, briewe, gesprekke ens.
3. Christelike onderwys ja, maar:
   * Dis nie wys om slegs skepping daar aan te bied nie, of een of ander kompromie tussen skepping en evolusie nie.
   * 'n Kompromie, soos dat God deur middel van evolusie geskep het, is strydig met Bybelse gegewens.
   * Aan kinders moet evolusie ook geleer word, maar beslis nie op oor-vereenvoudigde, belaglikmakende wyse nie. Die rede is eenvoudig: kinders kan vir 'n tyd lank weggehou word van valshede soos evolusie, maar hulle gaan een of ander tyd daarmee kennismaak, bv. op TV, radio, in boeke, ensiklopedieë, universiteite, latere werksomgewing ens.
   * Hoërskoolkinders en volwassenes moet opgelei word om ander teorieë te ken, die werklike probleme te verstaan, en die teenargumente te begryp sodat hulle nie met die eerste of latere groter blootstelling aan valshede soos evolusie, "die waarheid vir die leuen verruil nie".
   * Natuurlik kan alle besonderhede van alle velde nie aangebied word nie. Daarom moet mense geleer word om die regte vrae te vra, en te bedink.
   * Baie Bybelgelowige Christene moet wetenskap gaan bestudeer, sonder om te vrees dat hulle hul geloof gaan verloor. Daarvoor moet hulle egter voldoende toegerus wees, met kennis van die Bybel en die opposisie-standpunte.
4. Die oorsprongs- en historiese wetenskappe moet vir die ware Christendom teruggewen word. Christelike waarheid omvat alle waarheid – nie net geestelike waarhede nie. God is immers Waarheid – alle Waarheid. Daar is geen regverdiging om die terrein van die wetenskap aan die ongelowige af te staan nie. Dit is immers God wat geskep het, nie Satan nie.

Nuwe wetenskaps-beskouing vir die 21ste eeu?

Referaat gelewer te word deur dr H.G. Stoker

Richard Dawkins (skrywer van *The God delusion*) en ander self-verklaarde ateïste sien tekens van ’n nuwe opkomende wêreldbeskouing, wat tot ’n nuwe wetenskap lei. In hierdie nuwe wetenskaplike wêreld-beskouing word gevra: Is dit meer verstommend dat ’n God alles, wat bestaan, in 6 dae geskep het, of dat in die afwesigheid van ’n Skepper alles (galaksies, chemie, lewe, be-tekenis, waardes, bewussyn, kultuur en so meer) deur natuurlike proses-se in ’n self-skeppende heelal ont-staan het? Dawkins en ander self-verklaarde ateïste is in hulle denke en hart oortuig dat die getuienis oorweldigend ten gunste is van ’n ontstaan van alles sonder ’n Skep-per. Dit beteken dat, onder andere, Darwinistiese biologie herskryf sal moet word, want Darwin se evo-lusieleer is gebou op ’n geleidelike ontwikkeling van minder na meer deur natuurlike seleksie. Dit is ’n meganistiese model, wat deur die holistiese wêreldbeskouing van die nuwe wetenskap vervang sal word.

Wetenskap van die afgelope drie eeue was oorheersend reduksionis-ties ’n wetenskap wat probeer het om ingewikkelde stelsels onder te verdeel in eenvoudiger deelstelsels, en om vervolgens daardie deel-stelsels weer in nog eenvoudiger dele af te breek. Dit was ’n weten-skap, wat volgens Dawkins, met die “hipotese God” van die Skrifte gewerk het. Hierteenoor is die nuwe wetenskap holisties: die geheel is meer as die som van die dele. Die ingewikkelde geheel mag eienskap-pe besit wat nie in die deelteorieë voorkom nie. Uit die ingewikkelde geheel mag bv. eienskappe en struk-ture te voorskyn tree (“emergent features”) wat in embrio in die geheel gesetel is en nie in die deelstelsels nie. Die “hipotese God” is dan nie meer nodig nie, ook nie teïstiese evolusie nie.

Calvyn en die onderwys van vandag

Dr Wikus Buys

Calvyn het 'n groot en blywende in-vloed nagelaat. Sy teologiese insigte is nie net versprei deur sy boeke nie, maar sy mees blywende invloed was juis dalk die Geneefse Akademie. Die stigting van hierdie Akademie was die kroon van Calvyn se lewens-werk, maar dit het nie sonder stryd gepaard gegaan nie. Calvyn laat nie 'n uitgewerkte boek oor die onder-wys na nie, maar sy gedagtes daar-oor is ineengevleg met sy hele teo-logiese raamwerk. Binne hierdie raamwerk is sy verbondsbeskouing van kardinale belang. Calvyn stel die eenheid van die verbond op die voorgrond, en kom dus met die idee van die “skool van God” of ook ge-noem die “die skool van die Heilige Gees”. Hier is dit primer van belang dat Chistus die enigste Onderwyser in die skool van God is.

In sy kerkorde wat hy opstel kom daar ook verwysings na die skool in voor. Die unieke situasie in Geneve met die kerkraad en stadsraad wat so dig bymekaar funksioneer maak dit moontlik dat hy die verbondseenheid in die onderrig kan handhaaf. Latere geslagte het met die skeiding van kerk en staat Calvyn se insigte oor die onderwys verskraald slegs op die kerklike lering van toepassing gemaak, met blywende nadelige effek.

Daar behoort dus weer gekyk te word na die onderskeid tussen gere-formeerde onderwys en die refor-masie van onderwys, asook die by-kans klakkelose aanvaarding van staatsinvloed op die openbare on-derwys. Calvyn se ekumeniese blik op die onderrig is 'n tydige oproep tot daadwerklike reformasie van die onderwys in ons tyd.

Foto-flitse uit ons vorige kongres

Christenwees in ’n sekulêre wêreld vra toewyding, anders …

Dr Hennie Smith

Dit kan nie anders nie: as ’n mens opreg uit die hart ’n Christen is, gaan daardie oortuiging mettertyd oorloop in ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing. En ’n Christelike lewens*beskouing* gaan oorloop in maniere om aan die lewens*praktyk* ’n ooreenstemmende gestalte te gee.

Dit kan tog nie anders nie. Ons hartsverbintenis aan ons Verlosser en Koning, Jesus Christus, dryf ons uit om Hom *in alles* te gehoorsaam en die hele lewe onder sy heerskappy te bring. Só, weet ons terselfdertyd, is dit ook vir die lewe self die beste. Nie verniet nie staan die boodskap oor sy Koningsheerskappy bekend as die “*Evangelie* (blye boodskap) van die *Koninkryk* (die feit die Hý die heerskappy oorneem)”. Die wêreld se moeilikhede kom daarvandaan dat hierdie Koning se heerskappy nie erken word nie!

Christelike lewens- en wêreldbeskouing – hooftrekke

Baie kort saamgevat, lei konsekwente Christelike oortuigings tot ’n omvattende lewensbeskouing wat die volgende hoofmomente bevat:

- Daar is net één ware *God* – die Drie-enige. Hy is in elke opsig GOD. Uit Hóm, deur Hóm, en tot Hóm is alle dinge. Enigiets wat in sy plek of naas Hom vir allesbepalend en allesopeisend gehou word, is dinge wat ons verhef het tot *afgode* wat hulle tol in lewensvernietiging eis.
- Hy het die ganse skepping mooi en goed geskep, onderhou en voleindig dit. Dit bestaan vir sý doel – ook ons as mense na ons héle lewe; d.w.s. in alles wat ons beplan, dink of doen na liggaam en gees en in al die lewenskringe waarin ons optree.
- God het die héle wêreld en lewe aan sy Wil of Wet onderwerp, wat meebring dat Hy wette vir die verskillende geskape dinge gestel het. Geen duimbreed van die lewe werk daarbuite om nie – elk na sy eie aard. En sy Wil of Wet is altyddurend – dit verander nooit. Wat verander, is die mate waarin die verskillende geskape dinge daaraan gehoorsaam is – of nie. Gehoorsaamheid lei tot lewe; ongehoorsaamheid lei tot die dood. Gehoorsaamheid geskied in die natuur nagenoeg “outomaties”, maar ons as mense *kies* gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid. Die wentelgang van die geskiedenis beskryf grootliks hierdie mate van gehoorsaamheid/ ongehoorsaamheid deur die eeue.
- Die eerste mens, Adam, het ongehoorsaamheid gekies en sodoende God se oordeel en die dood (ten diepste die basiese onvermoë om vir God te kies) oor die ganse lewe en oor alle mense gehaal. Nét die “laaste Adam” (Christus: 1 Kor. 15:45, Rom. 5:12-19) kan gelowiges in Hom deur sy Heilige Gees, asook uiteindelik die ganse wêreld, tot ware lewe terugbring.
- Gelowiges in Christus Jesus is geroep om hulle héle lewe in hierdie Christus te leef. Ons is geroep om die gánse lewe en wêreld só te sien (Christelike lewens- en wêreldbeskouing) en om dit só uit te leef.
- So ’n Christelike lewens-en wêreldbeskouing leef natuurlik voort as ’n dinamiese *roeping*; dit vra steeds om verwerkliking. God het alles goed en mooi *geskep*, dit is grondig deur die *sonde* verword, maar in Christus in beginsel reeds *herstel* en sal met sy wederkoms finaal herstel wees. En ons, koningskinders, is geroep om nou

reeds in Hom op elke lewensterrein gestalte aan daardie herstel te help gee. Wat ’n uitdaging wat op ons wag; wat ’n roeping om te hê!

Sekularisme is totaal anders

Vandag se algemene lewenshouding en lewensbeskouing is inderdaad “sekulêr”. Dit beteken dat daar nie meer na God bokant die wêreld opgekyk word vir die beantwoording van die grondliggendste lewensvrae nie. Die wêreld glo dat hy genoeg het aan homself om alle vrae te beantwoord en alle probleme op te los. Hiervoor is hy nie (meer) oor God besorgd nie. Waar godsdiens nog ter sprake kom, word dit as ’n blote produk van die *mens* se kultuur beskou. Dit kom in baie vorme voor, soos bv. die humanisme waarin die *mens* glo dat hy met sy eie verstand (rasionalisme) of organisasievermoë lewensprobleme kan oplos – of deur aan die “vryheid” en “regte” van die mens die laaste sê te gee. ’n Mens hoef nie baie diep te kyk om te sien watter vernietigende gevolge die sekularisme reeds vir ons huidige bestaan het nie. Elke gebod van die Here is in sy teendeel omgekeer en die lewe self sterf daaronder. Ons bemerk dit onder andere in die verwildering, sek-

Vervolg op bl. 10

Vervolg van bl. 9

suele losbandigheid, politieke stommiteite en ekonomiese flaters wat ons in ons samelewing waarneem.

Sekularisme is die gees van ons tyd. Dit het 'n lewens- en wêreldbeskouing geword met 'n suigkrag wat ons nie altyd eers bewustelik herken nie; dit "sit in die lug", gedra deur die gangbare openbare opvoedingskanale en die media. God, sy Woord en wil staan nie meer in aanvraag nie, en waar nog daarna verwys word, word dit weggeskaaf en gelykgemaak om die sekularistiese tydsgees te pas. Sekularisme is vandag die "vanselfsprekende" lewensbeskouing en van almal word vanselfsprekend verwag om dit na te volg.

Buitengewone eise aan die Christen gestel

Só 'n tyd stel buitengewone eise aan die opregte Christen. As ons maar met die stroom meegaan, word ons deur die suigkrag opgeslurp, verruil ons binnekort die ware lewens- en wêreldbeskouing vir die vernietigende gees van die sekularisme. Doen ons niks aan hierdie verloop nie, gee ons 'n vrye hand aan lewensvreemde beskouings wat reeds besig is om die lewe self te ondergrawe.

Omdat die heersende sekularisme as so "vanselfsprekend" beleef word, vereis dit 'n doelbewuste en ingrypende beslissing om ons rug daarop te keer en onder elke omstandigheid die Christelike lewensbeskouing te laat geld. Dit sal ongetwyfeld weerstand en verwerping tot gevolg hê. Maar hierop het die Here Jesus self ons al vanaf die heel eerste dissipels voorberei – kyk bv. Joh. 15:16-21; 16:33. Eintlik moet 'n Christen, as hy *nie* hierdie weerstand ervaar nie, ondersoek wat daar in sy lewe verkeerd is.

Positiewe uitbou

Ons moet ons dus, na die negatiewe kant, bewustelik wegdraai van die sekularisme. Maar na die positiewe kant toe het ons ook 'n roeping:

- **Put voortdurend uit die Voedingsbron**

  Niks wat waarlik leef, kan bloot op sy eie krag voortgaan nie. Niks in die skepping beskik oor so 'n selfgenoegsame krag nie. Gód is die Bron van alle krag tot lewe. Boonop is ons "krag" deur die sondeval in Adam vanuit die wortel in 'n totaal verkeerde rigting gestuur. Word ons aan onsself oorgelaat, kom net die kwade uit ons voort. Wat van ons "geestelike lewe" geld, geld, voortspruitend daaruit, net so van ons "lewe" in die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, asook van die gestaltegewing daarvan in die samelewingspraktyk.

  Dit bring mee dat ons voortdurend weer by ons Voedingsbron tereg moet kom en leer om dááruit te leef: 'n versoende gemeenskap met God in Christus Jesus by die lig van sy Woord en deur die krag van die Heilige Gees. Wie meen dat ons eenmaal 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing het wat nou op sy eie lewend kan voortgaan, maak 'n fout. Dit moet gevoed, gekoester, telkens herbeleef en voortdurend in afhanklike geloof prakties toegepas word. Soos in ons "geestelike lewe" vereis 'n lewende en werkende Christelike lewensbeskouing dat ons op ons knieë bly.

- **Studeer hard**

  Om die tydsgees te verstaan, maar ook om die Christelike alternatief daarop te ken, vereis harde, intensiewe studie. Dit kom nie sommer vanself nie. Ek wonder of ons nie juis in hierdie opsig uiters laks is nie. Sodra ons voor hierdie uitdaging te staan kom, werp ons maklik die verskoning op dat dit darem nou baie moeilik is, of vlug ons in die verskoning dat Christenskap mos nie kursusse vereis nie. En so laat ons die afvallige lewensbeskouings toe om ongehinderd en stormenderhand oor te neem. En uiteindelik ly die lewenspraktyk daaronder.

- Daar is ingrypende verskillle tussen die benadering en inhoud van vakrigtings binne sekulêre teenoor die Christelike raamwerk. Publikasies van die VCHO oor bv. die filosofie, sosiologie, sielkunde, biologie en baie ander vakrigtings het dit reeds bewys. Die "gangbare" aanbiedings van hierdie vakke aan ons universiteite en die skole waarin dit deurwerk, is "vanselfsprekend" sekulêr. Dit vereis 'n beslissing; 'n grondige posisiekeuse om die "vanselfspekendheid" uit te daag en 'n eie Christelike weg op te gaan. Daarvoor is die materiaal daar – soos bv. deur die VCHO voorsien. Die vraag is of ons die oortuiging, die moed en die wil het om dit op te neem en te gebruik. En of ons bereid is om die "antitese" wat dit meebring te aanvaar.

- **Toewyding**

  Toewyding veronderstel 'n posisiekeuse om die Drieenige God vóór alles te stel en Hom met die hele hart te dien, asook 'n deurlopende, volhardende volhou op die weg wat gekies is – omdat ons die Doel daar voor voortdurend in die oog hou. Dié soort toewyding moet geld t.o.v. ons gehegtheid en oorgawe aan die Voedingsbron én aan die harde studie soos hierbo beskryf.

Anders…

Laat ons toe dat ons self trappie vir trappie afsak in die moeras van die sekularisme en in gelyke mate al verder weg te beweeg van die Christelike lewensbeskouing. Dán gee ons onsself aan verslapping en uiteindelik vertwyfeling en verval oor … en laat ons toe dat die lewe rondom ons aan dieselfde lot oorgelaat word.

Christen-wetenskaplikes stel hul standpunte onomwonde

Van die mees gerekende Christen-wetenskaplikes wat ons land opgelewer het en wat ook besonder noue bande met ons Vereniging het, het by talle geleenthede reeds hulle standpunte oor die beoordeling van die evolusionisme as gewaande wetenskap gestel. Die twee belangrike oorwegings wat deurgaans uit hulle bydraes tot en deelname aan die evolusiedebat na vore kom is die –

(i) religieuse en filosofiese vertrek- en uitgangspunte (voor-onderstellinge) van die evolusieteorie (en geldend vir enige wetenskap), soos wat dit in Darwin en sy navolgers se denkwerk na vore kom; en

(ii) wetenskaplikheid van hulle teorie, gemeet aan objektiwiteit, geldigheid en waarheid.

'n Opvallende pretensie wat onder baie Neo-Darwiniste bespeur word, is dat die evolusieteorie as enigste gangbare wetenskap gereken en erken behoort te word, asof Christelike wetenskap eintlik geen bestaansreg sou hê nie. Selfs aan ander nie-christelike wetenskapsbeskouinge, veral in die biologiese wetenskappe, word weinig, indien enige, erkenning gegee.

In wat hieronder volg word uittreksels uit vier Christen-wetenskaplikes se bydraes oor die evolusionime geplaas, waarin 'n beoordeling van die religieus-filosofiese grondslag, asook die wetenskaplikheid daarvan gedoen word. (Prof. Ouweneel is van Nederland, en het by geleentheid Suid-Afrika besoek.)

Prof. D.F.M. Strauss

Indien ons let op die nege aspekte vanaf die logiese tot en met die geloofsaspek soos weergegee in die voorstelling (bl. 12), sal ons merk dat elkeen van hierdie aspekte inderdaad so 'n normatiewe struktuur soos die ekonomiese aspek besit. Daarom kan ons onderskei tussen logies-verantwoorde denke en on-logiese (drog-) redenasies (bv. vasgevang in teësprake en teenstrydighede soos die Neo-Darwinistiese evolusieteorie), tussen histories-verantwoorde kultuurvorming en histories-antinormatiewe (on-historiese) dade (bv. revolusies of reaksionêre kultuurstrominge), tussen sosiaal en on-sosiaal (bv. iemand wat onbeleefd of onbeskof is), tussen mooi en lelik (esteties en on-esteties), tussen duidelik en on-duidelik (linguaal en on-linguaal), tussen regmatig en on-regmatig (bv. wanneer ek iemand se goeie naam skend met 'n belediging in die openbare lewe), tussen eties en on-eties (liefde en haat), en ten slotte tussen geloof en on-geloof. Elke keer bestaan die on-vorm by die grasie van die bepalende norm waartéén ingegaan word in die oortreding daarvan. Gevolglik is ongeloof nog steeds 'n vorm van geloof, nl. verkeerde geloof, onlogiese denke nog steeds 'n vorm van denke, nl. kontradiktoriese denke, onduidelike taal nog steeds taal, e.s.m. Met ander woorde, on-logies (bv. 'n drog-redenasie) is iets anders as nie-logies – liefde hoort bv. tuis in 'n nie-logiese aspek (nl. die etiese aspek), sonder dat ons liefde gelyk kan stel met 'n drogredenasie. (Wel gebeur dit soms dat verliefdes hul skuldig maak aan drogredenasies in hul fantasieë.)

Die normatiewe eise van hierdie werklikheidaspekte is almal veranker in God se Skepperswil vir menswees. Inderdaad kan ons sê dat die misterie van die sondeval geleë is in die vraag hoe die moontlikheid om hierdie *begin*-punte (*begin*-sels) te oortree werklikheid geword het. Slegs in Christus word die sondaarmens egter weer in beginsel bevry van die sonde van antinormatiwiteit en gebring tot 'n God-gehoorsame lewe in al hierdie fasette, tot 'n normgehoorsaamheid wat God se Koningsheerskappy, oor sy volle lewe en in elke lewensfaset, in Christus tot sy reg laat kom. Daarom eis Christus van ons nie slegs Christelike geloof en godsdiens nie, maar ook Christelike liefde, reg (en staatkunde), ekonomie, omgang en verkeer, Christelike kultuurvorming en Christelike denke en wetenskap. Slegs met die wapen van die Christelike wetenskap kan ons effektief stry teen die gees van die afval van God wat in die gedaante van soveel -ismes (vergoddeliking van iets in die skepping) in die verskillende wetenskappe (w.o. die biologie) na vore tree, hoeseer ook ons voortreflikste Christelik-wetenskaplike insigte steeds feilbaar, verbeterbaar en oop bly – heenwysend na die komende Koninkryk van God.

Juis hierdie sentrale Bybelse perspektief op die normbepaaldheid en normatiewe keusevryheid (positiveringsvryheid) van die mens word egter by die wortel afgesny deur die evolusionisme in sy Neo-Darwinistiese (en ook ander) gedaante(s), want in daardie opvattinge is daar geen ruimte nie vir ons Bybelse skeppingsgeloof wat erkenning verleen aan die gegewe dat denke, kultuur-historiese vormgewing, taal, sosiale omgang en verkeer, e.s.m. almal verwys na skeppingsgegewe moontlikhede aan die mens. As normatiewe eise behoort die appèl van hierdie na-psigiese aspekte saam met die wette vir die natuursye van die werklikheid tot die orde wat God vir sy skepsele gestel het as bevel tot bestaan (vgl. Psalm 148).

Sedert die 14de en 15de eeu n.C. (d.i. sedert die Renaissance), het die moderne ongeloof wat die mens (die *humanitas*) sentraal stel en eer as die hoogste gesag in die lewe (d.i. die humanisme) egter só 'n dominante invloed op die gang van ons Westerse beskawing gehad dat selfs ons Christelik-godsdienstige tradisie daaronder gely het. Saam met die humanisme is ons dikwels geneig om ook die orde (wette en norme) wat God vir skepsele gestel het te negeer. Is ons nie, bv., geneig om onder die uitdrukking: skepping, slegs die skepsele in die natuur (stof, plant en dier), met hoogstens nog die mens (as kroon van die skepping

Vervolg op bl. 12

Vervolg van bl. 11

daarby) te verstaan nie? Selde word bykomend egter besef dat God sy insettinge, verordineringe, bevele (kortom: sy *Wet-Woord*) as bepaling en begrensing vir alle skepsele gegee het en dat hierdie Skepperswil van God (vergestalt in die orde van die skepping) inderdaad ingesluit behoort te word in ons Bybelse skeppingsgeloof.

Dikwels verneem ons die gedagte dat ons net sowel kan glo dat God langs die weg van evolusie geskep het. Reeds in 1899 het die bekende Nederlandse teoloog, dr A. Kuyper, gestel dat ons nie ons eise moet opdring aan die Goddelike "Boumeester" nie, sodat sy soewereiniteit as Skepper nie in die gedrang kom nie.

'n Kern-element van ons Bybelse skeppingsgeloof betref egter die aanvaarding dat die mens deur God daargestel is as kroon van die skepping, dat die hele skepping met ander woorde aangelê is op die mens as medewerker van God op aarde met 'n bepaalde kulturele roeping en taak. Hierdie sinvolle en ordelike gerigtheid van alles op die mens word egter in beginsel uitgesluit deur die Neo-Darwinisme se kombinasie van mutasie en natuurlike seleksie. Daarvolgens kan daar tewens geensins van 'n Goddelike skeppingsplan sprake wees, en allermins daarvan dat die mens in hierdie skeppingsplan begrepe is nie. Veeleer, só leer die Neo-Darwinisme, is die mens die resultaat van 'n sinlose en suiwer toevallige materieel-energetiese proses wat hom nie voorsien het nie ("He was not planned" – het Simpson by geleentheid opgemerk).

Reeds aan die begin van ons gedagtegang het ons trouens gesien dat die moderne biologie deurspek is van uiteenlopende standpunte wat telkens berus op die oorbeklemtoning (eintlik: vergoddeliking) van een of ander aspek van die skepping. Die Bybel-gelowige Christen weet daarenteen dat daar niks *in* die skepping is (ook geen enkele aspek daarvan nie) waarin die menslike hart kan rus vind nie, omdat God alleen geëer mag word as die ware Skepper van alle dinge.

Daarom kan geen oppervlakkige versoeningspoging werklik 'n brug slaan tussen 'n Bybels-gefundeerde wetenskapsbeskouing en die evolusieteorie in sy veelkleurige gestaltes nie. Geen Christen kan trouens sy hart oorgee aan die vergoddeliking van die skepselmatige en so tegelyk twee here probeer dien nie. Dit is gevolglik ook volkome misplaas om van 'n spanning tussen die Christelike geloof en die (natuur-) wetenskap te praat. Soos reeds geblyk het bestaan 'die' evolusieteorie of 'die' wetenskap geensins nie – al wat bestaan is die dissipline, biologie, waarbinne radikaal uiteenlopende standpunte aanwesig is, met lewensruimte ook vir 'n Christelik-biologiese standpuntname. Die antitese: vír of téén Christus sny deur die hart van die mens en raak daarom elke lewensterrein waar die Christen geroepe is om tot eer van God te leef – ook die terrein van die wetenskap. Derhalwe staan nie slegs die Christelike geloof teenoor nie-Christelike geloof nie, want teenoor Christelike politiek, ekonomie, kuns en wetenskap staan ook allerlei vorme van nie-Christelike politiek, ekonomie, kuns en wetenskap. (Ongelukkig veroorsaak die steeds nalewende Roomse *verkerkliking* van ons Christelike lewensroeping dat die Koninkrykswye (skeppingsomvattende) *ver-Christeliking* daarvan dikwels belemmer word).

Reeds Augustinus (5de eeu n.C.) het besef dat daar niks in die skepping is waarin die menslike hart kan rus vind nie, omdat die skepping, wat die eer van God vertel en die werk van sy hande verkondig, nie in sigself rus nie, maar buite sigself heenwys na God Drie-enig as die Skepper, Onderhouer en Voleinder van hemel en aarde.

Prof. P.H. Stoker

Die strewe van die wetenskap is om eenheid in waargenome verskeidenhede te vind. Daarom word in Biologie aanvaar dat plante en diere met ooreenstemmende (analoë) vorm en bou (anatomie), en uitwendige vorm en interne struktuur of samestelling (morfologie), heenwys op afstamming vanaf gemeenskaplike voorouers. Hierdie uitgangspunt dat dinge wat ooreenkomste toon, verwant is, verskille oorbrug (negeer). Deur verskille te negeer word die werklikheid vereenvoudig en uit ooreenkomstes (analogieë) word dan 'n verklaring gesoek vir alles wat bestaan. Evolusieleer berus op hierdie kontinuïteitsbeginsel. Die resultaat is dat die natuur met sy wetsorde as 'n selfstandige mag los van God gestel word en dat die werklikheid dan volledig uit die werklikheid self verklaarbaar is. Uitgaande hiervan word evolusieteorie vandag in die media as 'n feit verkondig en deur baie mense aanvaar dat dit dié wyse is waarvolgens alles ontstaan het.

In die natuur bestaan nie net kontinuïteite nie, maar ook diskontinuïteite en diskreethede. Die geweldig baie verskille in lewende en nie-lewende dinge getuig van diskreetheid in samestelling en funksionaliteit. Dit is een van die wonders van God se skepping. Diskontinuïteite en diskreethede getuig nie van 'n geleidelike (kontinue) oorgang van een ding na die volgende nie.

Die wetenskap wil hê dat veranderinge in die natuur gelykmatig (kontinu) moet plaasvind, want dan word die wetenskap eenvoudig. Daarom is die skeppingsverhaal in Genesis 1 nie aanvaarbaar nie, omdat dit nie van geleidelike veranderinge getuig soos die evolusieleer dit wil hê nie, maar van 'n ontstaan van dinge in spronge as gevolg van God se bonatuurlike skeppende handelinge in ses skeppingsdae.

Die evolusieteorie los die bonatuurlike skeppingshandelinge, soos God dit in sy Woord openbaar, op in kontinue evolusionistiese natuurprosesse. Lang tydperke van duisende miljoene jare is nou nodig om die bonatuurlike skeppingshandelinge te vervang met veronderstelde kontinue evolusionistiese wordingsprosesse vanaf die oerknal, en vanaf die mees eenvoudige lewe tot vandag.

Natuurwette is volgens die Woord van God 'n onselfgenoegsame (onselfstandige, onvolledige) ordebepaling. Dit beteken dat die natuur nie soos 'n groot masjien werk, waarop God met wonderdade ingryp nie. God is in elke opsig in beheer. Alle dinge, ook die wette van die natuur is aan Hom gebind.

God het die skepping voorberei vir die koms van die mens en daaraan 'n potensiaal gegee om te kan ontplooi ("om baie te word"). Na die sesde skeppingsdag ontplooi (ontwikkel) die wêreld onder God se bestiering in samewerking met die mens na 'n hoogste volheid en die hoogtepunt van sy bestemming (potensiaal).

Alle strukture in die skepping, en daar is ontelbaar baie, is elkeen 'n unieke en funksionele wonderwerk. Hierdie wonderwerke neem die mens waar deur sy sintuie, sy vensters na die wêreld. Uit hierdie waarnemings word begrippe geabstraheer (onttrek) en wetenskap deur logiese denke gevorm. Dit is deel van God se opdrag aan die mens (Genesis 1:26, 28: en 2:15) – bewerk, bewaar en ontgin die skepping op 'n verantwoordelike wyse tot eer en heerlikheid van die Skepper.

Die evolusionistiese beskouing oor die herkoms van die mens gaan uit van 'n geloof wat radikaal verskil van wat in die Skrif verhaal word. Tog is hierdie evolusionistiese voorveronderstellings en uitgangspunte die basis van geskiedskrywing in feitlik elke vak vandag. Byvoorbeeld in wiskundige geskiedskrywing tref ons die vroeëre "mens" aan in grotte, grommend en hy gebruik sy vingers om te tel (Nickel, 2001: 11 e.v.). Die Bybel openbaar aan ons presies die teenoorgestelde. Die mens in die tuin van Eden is hoogs intelligent en in staat tot intieme gesprekvoering. 'n Voorbeeld van intelligente beheersing is God se opdrag aan Adam om aan diere name te gee. Adam het nie die diere geskep nie; hy het slegs waargeneem, hulle geaardhede ontleed en aan elkeen 'n kenmerkende naam gegee.

Die mens, geskape na God se beeld (gelykenis), is in staat om die materiële skepping waar te neem, waarnemings met mekaar in verband te bring, afleidings te maak, te verklaar en te voorspel. God het hom die vermoë gegee om idees en begrippe deur waarneming uit die werklikheid te onttrek, te abstraheer. Sodoende word die getal en ruimtelike begrippe ook uit waarneming onttrek en wiskunde gevorm.

Teenoor die evolusioniste se geloof in vooruitgaande ontwikkeling, staan die wonder van die skepping self! Alle geskape dinge blyk optimaal te wees in dit wat dit is (sy struktuur) en in dit wat dit doen (sy funksie). Sy struktuur en funksionering is in ekonomiese sin die mees doeltreffende vir die doel waarvoor dit bestaan. Dit gee 'n vermoë tot voortbestaan en oorlewing in 'n veranderende omgewing.

Die skepping bestaan uit 'n groot verskeidenheid van dinge, lewend en nie-lewend. Hierdie dinge is onderling van mekaar afhanklik en funksioneer op wyd uiteenlopende wyses. Elke ding neem volgens sy eie aard 'n besondere plek in die skepping in. Byvoorbeeld, elkeen van die 92 elemente, wat volgens periodes in die periodieke tabel gerangskik word, het sy besondere eienskappe wat daaraan 'n unieke plek en funksie in die natuur en vir menslike gebruik besorg. Hierdeur verkry elke element dan 'n besondere betekenis, met 'n funksionele verbintenis met die mens en met die natuur. Dieselfde kan gesê word vir alle ander nie-lewende dinge en net so vir alle lewende dinge. Dit alles getuig van 'n skepping wat ontsettend noukeurig en in die fynste besonderhede beplan en daargestel is. So 'n skepping kon nie uit homself, deur die werking van eie, inherente natuurkragte, tot stand gekom het nie.

Prof. W.J. Ouweneel

(Van Nederland)

Omdat skepping inderdaad 'n religieuse begrip is, hoort dit nie tuis binne die eintlike natuurwetenskapsbeoefening nie. Wetenskap is egter nie 'n neutrale, objektiewe, onbevooroordeelde saak nie, maar word altyd deur 'n bepaalde wêreldbeskouing begrond, en daarin speel 'n skeppings- of evolusiegeloof wel 'n sentrale rol. In talle gevalle maak 'n mens se wêreldbeskouing geen groot praktiese verskil nie; of 'n mens die lig eerder as 'n golf of as 'n deeltjiesverskynsel sien, het baie min met sy geloofsopvattings te doen.

By die skepping-evolusie-diskussie is dit egter baie anders, want dit raak my in my diepste innerlike, my afkoms, ontstaan, wese en sin. 'n Natuurwetenskaplike evolusieteorie word derhalwe begrond deur 'n evolusiegeloof wat talle wêreldbeskoulike implikasies het. Hierdie evolusiegeloof is onversoenbaar met die tradisionele skeppingsgeloof, wat, soos dit lyk, in die Skrif steeds 'n plotselinge, oombliklike ontstaan impliseer (kyk onder).

In die skepping-evolusie-diskussie gaan dit dus nie om geloof teenoor wetenskap nie, maar ten diepste om twee gelowe, twee wêreldbeskouings: een wat uitgaan van die geloof in 'n ontwikkelingsproses wat miljarde jare omvat het, en een wat die oorsprong van die heelal, van die lewe en van die verskillende lewensvorme aan oombliklike skeppingsdade van God toeskryf.

Dit gaan hier dus om geloof teenoor geloof, wêreldbeskouing teenoor wêreldbeskouing. Die moderne evolusieteorie het dan ook tot ontwikkeling gekom, nie deurdat die geoloog, Charles Lyell, of die bioloog, Charles Darwin, so deur 'die feite' oorweldig was nie, maar omdat hulle vanuit 'n suiwere Verligtingsopvatting allereers wou afreken met die Bybelse skeppingsidee en sondvloedleer (wat deur vroeëre geoloë gebruik was om die aardlae te verklaar).

Dit was ook Darwin se ateïstiese en agnostiese vriende soos Thomas Huxley, Ernst Haeckel en Herbert Spencer wat die Darwinisme entoesiasties versprei het, veral ook om daarmee die Christendom te bestry. Sedertdien het verskeie ander evolusioniste openlik toegegee dat hulle in die evolusie glo, nie omdat die feite die evolusie-idee noodsaaklik maak nie, maar omdat die enigste alternatief, naamlik afsonderlike skepping van die hooflewensvorme ("special creation"), vir hulle onaanvaarbaar was. Dit (skepping) is (wel) nie vakwetenskaplik onaanvaarbaar nie, maar ideologies, wêreldbeskoulik onaanvaarbaar.

Neo-Darwinisme is inderdaad die leer dat die hele (makro)evolusie verklaar kan word uit net twee biologiese beginsels: **toevallige mutasie en natuurlike seleksie**. Vandag egter sien talle bioloë dat, eerstens, evolusie nie deur 'n geleidelike ophoping van talle klein mutasies verklaar kan word nie, tweedens dat ons glad nie bewyse het vir enige biotiese meganisme wat die veronderstelde makro evolusie sou kon verklaar nie, en derdens dat die fossiele ook nie die veronderstelde tussen en oorgangsvorme bevat wat vir die evolusiegeloof noodsaaklik sou wees nie. Dit is (dus) begryplik dat daar vandag meer bioloë – ook nie-Christene! – as ooit tevore sedert Darwin is, wat die bestaande evolusieteorieë ernstig in twyfel trek.

Prof. F.J.M. Potgieter

(Geneem uit *De Gereformeerde Vaandel*)

Die geloofstandpunt staan hier op die voorgrond. Volgens die deïsme (leer wat God met die rede aanvaar, maar nie op grond van geloof nie) moet die besondere openbaring aanvaar word alleen vir sover as (wat) dit met die rede ooreenstem. Die deïsme plaas dus per slot van rekening die menslike rede op die troon. Daarteenoor handhaaf die konsekwente Christendom die openbaringskarakter van die Heilige Skrif en insonderheid ook die leer van die voorsienigheid van God. Daarvolgens is God nie 'n *deus otiosus* of werklose god nie, maar moet sy immanensie naas sy transendensie bely word. So dikwels word aan God, sy werke, sy kennis, sy eienskappe in terme van menslike kategorieë gedink. Maar ten aansien van God is daar geen sprake van willekeur, passiwiteit, moeisame arbeid, onttrekking aan 'n deel of die geheel van sy skepping nie: Hy is die volmaakte, louter aktiewe, almagtige, alomteenwoordige en ewige God en Vader van alles wat is, en dra sy ganse skepping in sy voorsienige en allesomvattende bestel van oomblik tot oomblik in sy lankmoedigheid en onpeilbare liefde. Niks, maar dan ook geheel en al niks, gebeur sonder sy wil nie. Daar kan geen bestaan of voortbestaan, geen ontwikkeling of denaturasie plaasvind as Hy dit nie wil of toelaat nie – ja, ook denaturasie, wanverskynsels, stryd om bestaan, verskeuring van een dier deur 'n ander ..., want daarin openbaar God sy toorn oor die goddeloosheid van die mens. Wag die skepping nie met reikhalsende verlange na die vrymaking van die vloek en slawerny van die verganklikheid nie!

God werk – Hy werk voortdurend, soos dit Hom behaag en soos Hy tot ons lering in die Heilige Skrif geopenbaar het, en op hierdie geopenbaarde wil van God let die evolusionis nie – tot ontsettende skande van die wetenskap. Die Woord van God leer uitdruklik dat Hy 'n natuurorde daargestel het, wat kragtens die Natuurverbond met Noag, ten spyte van die sondeval en vloek, wat die skepping dientengevolge getref het, deur Hom in stand gehou word. Wat die onderhawige onderwerp betref, bestaan hierdie orde onder andere daarin dat die konstantheid van die grondsoorte, blykens die opsetlike herhaling van die sinsnede: "volgens hulle soorte", gewaarborg is.

Nee, daar is geen greintjie onbetwisbare getuienis teen die Skrifwaarheid aangaande die formasie van die mens na die beeld en gelykenis van God nie. Daar is *niks in die feitemateriaal wat die bewys lewer dat die mens uit die dier ten gevolge van transmutasie ontwikkel het (nie)*; dat daar honderdduisende jare gelede (of wanneer ook al) halfmensgedrogte was; dat daar selfs min of

Vervolg op bl. 15

Vervolg van bl. 14

meer wanstaltige menslike rasse was wat uitgesterf het nie. Weliswaar kom daar *individuele verwordings en afwykings* voor (soos by die sogenaamde Neanderdal-mense) *vanweë die vloek van God* wat ook die menslike geslag getref het. Maar ten spyte van die diepe verdorwenheid van die mens het hy deur al die eeue *sy wese behou*. Konstantheid van die mens as geskape soort bly, ten spyte van al wat die evolusioniste reeds beweer het, bo alle twyfel verhewe.

Daar bestaan ongetwyfeld weens wedersydse onkunde, baie misverstand tussen evolusionistiese bioloë en Skrifgelowige teoloë. Maar dit staan ook vas dat die Skrifopenbaring en die konsekwente evolusiedogma antiteties teenoor mekaar staan, en dat selfs die minder konsekwente evolusionisme ten opsigte van die kardinale sake wat ons genoem het, te wete die tydperke wat ook ná die formasie in miljoene syfers bereken word, die deïstiese wêreldbeskouing en die transmutasie van soorte, onverenigbaar met die Heilige Skrif is. Terselfdertyd wil ek met die grootste klem sê dat daar geen konflik hoegenaamd tussen die ware wetenskap – die wetenskap wat die waarheid eerbiedig en nastreef – en die Woord van God bestaan nie. Inteendeel hoe langer die navorsers wat dié naam waardig is, indring in die menigvuldige wysheid wat in die skeppingswerk van God vergestalting gekry het, hoe duideliker sal dit ook blyk dat die waarheid wat God in die natuur openbaar, nooit in teëspraak kan wees met die waarheid wat ons uit die Heilige Skrif toespreek nie.

Kurrikulum 2005

Ansie Steenkamp

Opvoeding (onderwys) is so oud soos die mensdom self. Reeds in Gen. 2:15, het God Adam in die tuin geplaas, met sy opdrag om dit te bewerk en te bewaar. In vers 19 lees ons hoe God al die diere na Adam bring, om vas te stel hoe hy hulle gaan noem.

In die nuwe Testament, sien ons hoe Jesus self sy dissipels vir drie jaar onderrig, maar ons lees sommer hier in Gen. 3 al van die eerste dwaalleer. Satan sê aan Eva dat sy van die vrug **ewig sal lewe, en soos God sal wees**. In Open. 2:14 lees ons in die brief aan Pergamus: “maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om ’n **struikelblok** voor die kinders van Israel te werp, om afgodsoffers te eet, en te hoereer”.

In Matt. 18:6-7, **“Maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat ’n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see. Wee die mens deur wie die struikelblok kom.”** Sien u hoe belangrik is ons kinders vir God, en hoe ernstig Hy dit bedoel?

Wat kan hierdie struikeling wees waarteen die Woord van God ons so ernstig waarsku? ’n Vreemde leer?

Kurrikulum 2005 is ’n opvoedingstelsel wat die wêreldverheerliking as grondslag het. Die Christenkinders leer om dit wat teenstrydig met die Bybel is, nl. ander godsdienste, bygelowe, heidense rituele, okkultiese praktyke en dies meer te respekteer en as geestelike deugde te aanvaar. Hulle leer nie om gehoorsaam te wees aan God se uitdruklike verbod op heidense praktyke nie. Die mens word in die plek van die Skepper gestel. God word heeltemal in Kurrikulum 2005 weggelaat. Die vraag is: wie se waardes word bevorder? Die waardes wat in die “Manifesto” bepleit word, het hul oorsprong in ’n humanisties-gebaseerde Grondwet en Handves van Menseregte, en nie in God se Woord as sy openbaring aan die mens nie. Die onderwyser verdwyn heeltemal op die agtergrond, en tree net as raadgewer op. Kinders moet nou deur **ervaring** leer om tot hulle eie gevolgtrekkings te kom.

Die doel van die onderwys is dat die kind feitekennis moet opdoen, en na God gelei moet word. Hulle word geleer om rede en verbeelding te gebruik om so self tot oplossing vir die lewe, en snelveranderde wêreld te kom. Wanneer die kinders in Graad 9 is, vereis die sertifikaat dat hulle:

aktief en demonstratief deelgeneem het aan alle religieuse aksies, behalwe die Christelike godsdiens

die grondwet aanvaar en bely.

Besef u wat dit beteken? **God Drieenig word verloën en verwerp, d.w.s. ons kinders word van God vervreem. Indien 1 en 2 hierbo, nie aanvaar word nie, mag die kind nie verder studeer nie.**

Wanneer ’n onderwys-owerheid ’n vreemde leer op ons kinders afdwing, en so hul denke wil beheer, is ons plig as ouers om ons doopbelofte na te kom. Rom. 13 sê dat ons die owerheid moet gehoorsaam, maar in Hand. 5:29 staan daar dat ons aan God meer gehoorsaam moet wees.

This will be the **big year —** Darwin’s 200th birthday, to be celebrated by the GLOBAL **community** as a toast to the common good of all humanity. We will all want to develop **events** to Celebrate Darwin, Science and Humanity and come together as one **human family** in appreciation of verifiable knowledge that has been acquired solely through human curiosity and ingenuity. Scientific knowledge has been of great value to all of us.

By 2009 it is our hope that the **Celebration of Science and Humanity** will be so well established that DURING THE REMANDER OF THE YEAR we will all want to continue to work to make February the 12th a International day to recognize Verifiable Scientific Knowledge and to appreciate the connection of Humankind to the acquisition of this knowledge. One experiences an intellectual freedom of understanding by realizing that all living things on earth have a common evolutionary history that connects us all. So it is our expectation that we will all continue to work together to expand the CELEBRATION OF DARWIN, SCIENCE AND HUMANITY!

’n Christelike Lewensbeskouing – om soos Henog met God te wandel

Ds. Deon Hugo

(Ek skryf hierdie bydrae gedurende die week van Julie 2009, waartydens by-kans 150 000 Munisipale werkers in Suid-Afrika betoog vir hoër lone – en in die ongedissiplineerde straatoptogte die dorpe en stede met rommel bemors ...)

Ek vra myself af – soos baie ander ontstelde dorpsbewoners – hoe kan mens grynslaggend vuilgoedsakke oopskeur en papiere en kombuisafval dan in die skoon strate rondstrooi – en dit blykbaar geniet? Hoe kan mense skille en vrot groente en vrugte op sypaadjies uitskud – en dreunsing van lekkerkry, as hulle met omgerolde vullishouers sypaadjies en parkeer-areas ontoegankllk maak?

Watter satisfaksie kan chaos aan ’n mens bied? En is hierdie massa-optrede werklik net terug te herlei na swak diensvoorwaardes en ontoereikende vergoeding?

Nee, ek is van mening dat hierdie soort massa-histerie nie maar net simplisties aan die “gevolg” van een of ander materiele “oorsaak” toegeskryf moet word nie. Massa-magvertoon lê deur die geskiedenis diep ingebed in ’n humanistiese lewensbeskouing. ’n Lewensbeskouing waarin die “mens-met-sy-regte” – die “mens as die middelpunt van valse gewaande lewensregte” – die “mens as die een, uit wie, en deur wie, en tot wie, en deur wie (volgens sy eie waarde-oordeel) alles draai”, die hoofrol speel.

In die wêreldgeskiedenis was die mensgesentreerde lewensbenadering bekend as humanisme of sosialisme of kommunisme. In ons tyd staan dit in Suid-Afrika bekend (onder die misleidende betiteling) as die Nasionale Demokratiese Revolusie (NDR) – die groot ideaal van vakbonde soos COSATU en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP). Dit is die nuwe gestalte van die ou vryheid/ gelykheid/ broederskap-ideologie van die liberalisme – waarin die mens tot sy eie god verhef word, en geen ruimte bestaan vir ’n Godgewilde ordening nie.

Ja, enigiemand wat iets van religieuse dryfkragte in die wêreld verstaan, sal saamstem dat die barbaarse wanorde en massa-betogings (met gepaardgaande trop-ordeloosheid) die produk is van ’n lewensbeskouing.

En ons weet dat ’n lewensbeskouing dit is wat mense se lewe (dikwels onbewustelik met ’n passie motiveer.

Dit wat aan groepe, gemeenskappe, en volke koers verskaf. Dit wat mense die antwoorde gee op vrae soos wie is ek, waarop is ek geregtig, en wat is die doel van my bestaan?

Ja die religieuse grondmotief waar my hart van vol is, laat my mond oorloop en bring my totale menswees in beweging, ten einde ’n bepaalde doel te bereik.

Nou is dit natuurlik hartseer dat mense – dikwels beskaafde, en oënskynlik mense van Christelike oortuiging – baie keer hulself as “veilige heiliges” kan verskoon om net sulke lewensmisdade (as die wat openlik uit ’n ongeloofsdryfkrag leef) te kan pleeg. Ons sien die skyn(-heiliges) dag na dag. En die tragiese is dat die “asblik-betogings” opkom uit dieselfde siek en verrotte hart as waarmee mense:

* strome rioolwater dag na dag in skoon riviere laat loop – in hul traak-my-nie-agtige gejaag na gemaksug;
* mynhope soos molshope uitwerk – en oopmyne soos rowe op die aarde oopkrap – op soek na meer en meer minerale rykdom en geldsug;
* landbougrond gewetenloos uitput en oorbewei en erosie laat verwoes – met die regverdiging dat hulle maar net die maksimum moet produseer;
* natuurlike bosse uitkap en plante en dierelewe beëindig – sodat huise gebou kan word.

Ja, ek dink nie daar is regtig verskil tussen barbaarse geweldadige betogings en “beskaafde verwoesting van natuurskoon” nie. Na my mening kom dit neer op dieselfde lewensbeskouing. Dit kom op uit die verdorwe hart van die mens wat vergeet het die aarde behoort aan die Here!

Om ’n vullissak op straat uit te skud, of om die natuur te skend, toon dieselfde gebrek aan respek vir God se eiendom. Dit is beide maar net ’n manier om die rug op God se skeppingsheerskapy te draai.

Want, die mens wat in harmonie met God leef, sal ook die drang hê om in harmonie met God se eiendom te leef. Want hy sal trag om, “of hy eet, of drink, of enigiets doen, alles tot verheerliking van God te doen” (1 Kor. 10:31). So ’n mens sal sy eie hart met sorg bewaak, omdat hy iets verstaan van die feit dat vanuit sy hart-gegrepenheid al die ander lewensaksies hul oorsprong vind. (Spr. 4:23) . En hy sal soos Henog gelowig “met God wandel” in dankbare toewyding aan God.

Waarom noem ek nou juis vir Henog (die Ou-Testament karakter) hier as

Vervolg op bl. 17

Vervolg van bl. 16

rigtinggewende voorbeeld?

Ek dink Henog is 'n besondere anderssoortige mens – soos ons hom leer ken uit die verwysings in. o.a. Gen. 5:18-24; 1 Kron. 1:3; Luk 3:37; Heb. 11:,5 en Judas vers 14, 15.

* Hy was die 7de geslag van Adam af – dus, een van die aartsvaders.
* Hy word, soos die meesta mense van sy tyd, baie oud – 300 jaar.
* Hy was die pa van Matusaleg wat waarskynlik die oudste mens ooit op aarde was – 969 jaar.
* Hy was (saam met Elia) die enigste van 2 mense wat nie gesterf het nie – maar lewend by God in die hemel opgeneem is.
* Maar, die vermeldingswaardigste feit van Henog se lewe bly dat hy "met God gewandel" het.

Henog het 'n Godgehoorsame lewensbeskouing gehad – d.w.s. hy het gedoen wat God die mens voor geskape het – hy het sy kultuurtaak (sy beheersingsvormende roeping) uitgeleef.

Dit word nie alles vir ons beskryf nie, maar ons kan uit die verband van die woorde "dat-hy-met-God-gewandel-het" aflei dat Henog:
In 'n tyd van skeppingsverval en dekadensie (net na die sondeval) radikaal anders opgetree het – in Nuwe Testamentiese taal: "hy het gelewe uit 'n Christusherbore hart!"

* Dorings en distels verdring die natuur – d.w.s. pesplante ontsier die eerste keer sedert die skepping die aarde;
* Droogte en oormaat reën laat die mens sweet om te kan eet;
* Kos is nie meer geredelik beskikbaar nie – want gerubs bewaak die Paradystuin se vrugbare toeganklikheid;
* Die mens kom te staan voor barbarisme en geweldadigheid sodat Kaïn vir sy lewe vrees;
* Siekte en pyn word 'n lewenswerklikheid, sodat 'n vrou alleen met smart kan kinders baar;
* Die diere verwilder in die ongerepte natuur soos dat die slang nou op sy buik begin seil.

Maar in harmonie met God – gehoorsaam aan die Skepper – en in uitvoering van sy kultuurtaak – wandel Henog in die tyd met God. Vanuit Nuwe Testamentiese perspektief is dit die uitlewing van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Om "met God te wandel" beteken dat jy nie 'n tweeslagtige lewe (dualistiese lewe) lei nie, maar in elke lewensaspek, en op elke duimbreed van jou bestaan, Godgehoorsaam optree (J.H. Kroeze)

Komende uit die nageslag van Set, vorm Henog deel van die voor-Abrahamitiese "verbondsgeslag" wat die brug span tussen die eerste en die tweede Adam (Christus).

In die drieledige menslike amp van profeet, priester en koning funksioneer Henog so volledig dat hy 'n profesie nalaat wat opgeneem word in Judas vers 14 en 15.

As beskawingsmondige mens wat op alle lewensterreine ontplooi is, word hy volgens Joodse oorleweringe die uitvinder van die rekenkunde, die letterkunde, en die sterrekunde (G. Ch. Aalders) want die volle lewe sluit alles in:

van grondbewerking met 'n graaf of bytelploeg;
tot skeepvaart en maanreise;
van Jubal se primitiewe siter en fluitspel;
tot die magistrale oratoriums van Händel;
van serenadesang en minneliedjies;
tot die grootste letterkunde verbeeldingsvlugte van Dante en Shakespeare;
van die vaardigheid om bome te snoei,
tot die fynste biologiese ondersoek in die laboratorium;
van Abraham se klipaltaar, tot die Gotiese Katedrale in Europa.

'n Mens kan nie help om te wonder watter wisselwerking tussen Henog se oorgegewe diens aan God en die ander kultuuruitinge van daardie tyd was nie. Gen. 4:16-24 meld: Jabal was die vader van die tentbewoners en veeboere, Jubal was die vader van almal wat op siter en fluie speel, Tubal-Kaïn was 'n smid, wat van erts allerhande werktuie gemaak het. Maar in Henog verenig kultuur en kultus (Latyn: colere) en in die kleine is hy toonbeeld van die mens besig met sy volle kultuurtaak. Ja in die Godverheerlikende lewensbeskouing en lewenswandel van sy kinders heers God soewerein oor sy geskape werklikheid:

akademies – deur wetenskaplike uitvindsels en tegnologie,
geskiedkundig – deur gebruike, tradisies, feeste en monumente,
taalkundig – deur letterkundige geskrifte, sang en volksliedere,
sosiaal – deur leefgewoontes en samelewingsverhoudings,
ekonomies – deur handeldryf en produktiwiteit,
in skone kunsbedryf – deur verf en skilder en beeldhouwerk,
regsprekend – deur wet en orde en dissipline,
godsdienstig – deur aanbidding en plekke van offerdiens.

Want die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan die wêreld en die wat daarop woon (1 Kor. 10:26), en wie dit aktief deurleef is die draer van 'n Christelike lewens- en wêreld beskouing – en hy "wandel met God".

En toe op 365-jarige ouderdom, het God Henog by Hom opgeneem (Hebr. 11:5) – as teken en spieëlbeeld van Jesus Christus wat in die volheid van die tyd na die mensdom neergedaal het.

Henog by God – soos Christus by die mens – as Immanuel (God met die mens).

In die eerste eeu voor Christus is die legendariese oorlewering van Henog saamgevat in die Apokriewe boek Henog. En hoewel dit nie as 'n God-geïnspireerde boek beskou word nie, is dit tog 'n huldeblyk aan 'n vermeldingswaardige mens en 'n riglyn vir 'n Godgehoorsame lewenshandel.

Lewensbeskouing vs. lewensbeskouing; geloof vs. (on)geloof

- Hugo Hayes

Lewensbeskouing intrinsiek

In die formulering van ons kongrestema steek daar die duidelike implikasie dat, ten opsigte van onderskeie wetenskappe, 'n intrinsieke lewensbeskouing telkens, en sonder uitsondering, blootgelê kan word. Dit geld ook die Biologie, waar die evolusionisme uit die staanspoor sy aanspraak op hierdie wetenskap begin verstewig het. Die evolusionisme wil sy pretensie as die enigste gangbare wetenskap vir die 21ste eeu in hierdie Darwinjaar soos aangekondig, as onbetwisbaar en onaanvegbaar bevestig. Let in hierdie opsig spesifiek op beriggewing in die media die afgelope maande. Die vraag ontstaan: kan die evolusionisme op lewensbeskoulike en wetenskaplike gronde so 'n aanspraak uitoefen, sodat dit as 'n geldige en ware wetenskap in skole en aan universiteite geleer en beoefen sou word soos dit tans die geval is?

Ons Christelike wetenskapstradisie het die waardevolle insig gebring dat geen wetenskap sonder vooronderstellinge, asook lewensbeskoulike uitgangspunte kan bestaan en funksioneer nie; óók nie die 'wetenskap' soos deur die evolusionisme voorgestaan nie. Op die keper beskou – indien mooi daaroor nagedink word – is dit vanselfsprekend dat die gangbaarheid van 'n wetenskaplike rigting (ook die Christelike) deur die lewensbeskoulike integriteit daarvan verseker moet word. Indien dit nie so is nie, sal daar nie voortgang kan wees nie, en sal so 'n wetenskap noodwendig op niks uitloop. Dus word enige wetenskap deur sy lewensbeskoulike uitgangspunte en oortuigings saamgebind en voortgestu. Die evolusionisme is in hierdie opsig geen uitsondering nie. Verder is ook geen wetenskap verhewe bo ondersoek na die lewensbeskoulikheid en wetenskaplikheid daarvan nie, selfs al sou eksponente van die evolusionisme dikwels daarna as slegs 'n 'blote teorie' en niks meer nie, verwys. Lewensbeskoulik skuil daar baie meer en wetenskaplik baie minder in hierdie 'wetenskap' as wat op die oog af vermoed mag word. Uit die insetsel (onderaan bl. 15) blyk die humanistiese lewensbeskouing van die evolusionisme byvoorbeeld onmiskenbaar.

Religieuse vooronderstellinge staan sentraal

In die Christelike wetenskapstradisie is die benadering gevolglik dat volledig met die religieuse grondslae van enige wetenskaplike tradisie en die verbandhoudende wetenskapsbeskouing rekening gehou moet word. Uit onderskeie wetenskaplike tradisies anders as die Christelike blyk onoorbrugbare grondverskille in die vooronderstellinge waarvan uitgegaan word, en wat voortdurend weer in die lewensbeskoulike daarvan teruggevind word, wanneer dit teen Christelike wetenskap opgeweeg word. Vooronderstellinge word na die lewens- en wêreldbeskoulike herlei, sodat die onlosmaaklike verband (tussen hierdie twee) telkens bevestig word. Ten diepste word dít (die vooronderstellinge en gevolglike wetenskapsbeskouinge) onherroeplik deur die religie wat aan die grond van enige wetenskap staan, bepaal. Die vooronderstellinge van waaruit ons Christelike wetenskap opereer, word vanuit die gegewe van die Godsopenbaring geneem, en die lewensbeskoulike uitgangspunte is daarin veranker.

Dit bring ons by die saak van die grondliggende verskil. In die evolusionisme is dit die evolusieleer wat fundamenteel 'n ander religieuse vertrekpunt voorstaan, nl. die natuur – dit veronderstel dat die materie oor potente (goddelike) vermoë beskik om vooruitgang te verseker, derhalwe sonder God as Skepper. Daardeur word die wesenstrekke van evolusieteorie as 'n 'wetenskap' ontbloot, dat dit naamlik in 'n religie gegrondves is, wat 'n geheel ander (afvallige) oorsprong huldig as wat ons in die Bybel geopenbaar word. Wesenlik dui dit op 'n religie wat in die natuur self gesetel en gegrondves is, waardeur die natuur tot selfstandige mag verhef word. Aan die natuur word goddelike eienskappe toegeken, wat daaraan die vermoë verleen om vooruitgang te bewerk by wyse van evolusie. Evolusionisme stem in hierdie opsig met alle ander afvallige wetenskapsbeskouinge ooreen, daarin dat dit die een of ander werklikheidaspek (die bekende '-ismes') tot absolute verhef. Daaruit word dit ook nou duidelik dat die verklaringsgrond vir die werklikheid wat wetenskaplik en lewensbeskoulik deur ons beoordeel word, in die geval van evolusionisme totaal anders is as die Christelike. Daar bestaan gevolglik geen ooreenkomste nie. Wanneer op die werklikheidsbeeld van die evolusionisme ingegaan word, is daar in der waarheid skrikwekkende ontdekkings wat gemaak word, waarteen die Christelike lewensbeskouing noodwendig stuit.

Kan die kloof oorbrug word?

In ons tyd besef voorstanders van die evolusionisme dat hulle hierdie gapende teenstelling tussen lewensbeskouing en lewensbeskouing; geloof in God-Drieënig teenoor geloof in die natuur, moet probeer versmal deur die Christelike standpunt te probeer akkommodeer. Ten einde die probleem van die onoorbrugbare kloof wat tussen Christelike en evolusionistiese biologie bestaan te probeer oorkom, word in ons tyd gepoog om 'n sintese te bewerk, wat bevestig dat die evolusionisme hom in 'n dilemma bevind. Die oplossing wat deur die evolusionisme aan Christene wat (ondanks die verloëning) aan die evolusionisme wil vasklem (die onoorbrugbaarheid ten spyt), voorgehou word, staan as teïstiese evolusie bekend, m.a.w. dit is 'n poging om evolusionisme aan geloof aan die bestaan van een God wat die Skepper en Bestuurder van die heelal is, te probeer verbind. Desondanks word die werklikheid van uiteenlopende religieuse en lewensbeskoulike oortuigings in ons tyd al hoe groter. Derhalwe vind ons die tendens dat desperate pogings aangewend word om 'n brug tussen

Vervolg op bl. 20

Graad 6-dogter en meneer se opdrag

Toe meneer nou die dag vir ons die opdrag gee: "Gaan stel vas waar die aapmens vandaan kom en skryf 'n opstel daaroor", was ek totaal onkant betrap. 'Aapmens' het dit daarna heeldag deur my gedagtes gemaal: watse ding sou dit wees? Ek weet van ape en bobbejane, maar waar het jy al ooit van so-iets gehoor? Dat daar soms na mense as ape of bobbejane verwys is, het ek al gehoor, maar dit is seker nie wat meneer in gedagte het nie.

Aapmens wat wie weet waar vandaan kom en waar in die wêreld sou gewoon het? Sou dit dalk 'n gedierte wees wat nóg aap nóg mens was? Soos ek pa soms hoor sê: "dis nóg vis nóg vlees". Of moontlik 'n aap wat hom alteveel soos 'n mens gedra het. Ons het al na die ape in die dieretuin gaan kyk. Ek moet sê hulle streke is nogal koddig en dit laat my skaterlag. Dat ape snaakse dinge kan aanvang is gewis. Mense natuurlik ook, wat my al baie laat wonder het of die twee iets in gemeen het. Sou dít dalk wees wat meneer in gedagte het?

As meneer sê dat daar miljoene jare gelede iets soos 'n aapmens gewees het, 'n gedierte/gemenste wat op sy agterpote begin loop het, dan moet 'n mens hom seker ernstig opneem. Meneer sal mos weet waarvan hy praat. Meneer sal tog seker nie vir ons iets leer wat glad nie waar is nie. En as meneer sê: "vind uit waar hulle vandaan kom", dink ek meneer voer iets in die mou. Dalk het meneer 'n appeltjie met hulle te skil oor wat hulle (die ape) ons mense aangedoen het, sodat ons soms snaakse dinge doen wat ons na ape laat lyk.

Of is dit dalk 'n geval dat meneer se verbeelding besig is om met hom op loop te gaan? Dat meneer miskien sou dink dat daar in ons nog aapstreke oorgebly het, en indien hy kan vasstel of dit so is, dan kan hy mos verklaar dat die aap nog nie uit ons is nie. Ons is darem seker teen hierdie tyd in elk geval meer mens as aap wil ek hoop, maar wat van die arme ape wat dalk nog sukkel om die mens uit hulle uit te kry. Ek is totaal uit die veld geslaan oor hierdie snaakse opdrag van meneer. Dit klink dan vir my na iets totaal onwerkliks. Of is daar dalk tog iets oor die ape te sê wat ons nie weet nie, wat meneer wil hê ons moet uit hierdie opdrag wysword?

"Aikôna", sê pa en ma later die aand, nie een van hulle het al 'n aapmens gesien of weet iets daarvan af nie. Dit moet 'n vergissing wees. "Nee", sê ek, "meneer het nog gesê die ding het op sy agterpote begin loop en hy sal nie vir ons lieg nie". Weet meneer dalk iets wat ons nie weet nie, of is daar iets wat die aapmense ons kan leer. Het hulle dalk vir ons 'n spesiale boodskap uit miljoene jare gelede wat spesiaal vir ons mense bewaar gebly het. My suster sê juis daar is 'n fossielrekord wat glo die antwoorde op vroeëre lewe moet gee, maar dat daar nog na al die bewyse gesoek word. Bowendien, sê sy, sukkel die wetenskaplikes nog om die vermiste skakels op te spoor.

My ma is gewoonlik goed met familie-uitleg en herkoms, maar toe ek haar oor die aapmens uitvra, en of haar ouma dalk nog iets van 'n aap in haar het, het sy my net vreemd aangekyk en gesê: "nog nooit van so 'n vroeë voorsaat in ons familie gehoor nie. Jou ouma mag dalk 'n aap gewees het, maar myne beslis nie", is al wat sy daarna kwytraak. "Nee", sê ek toe, "dis nie ons familie nie, dis meneer s'n, ek bedoel dit moet iemand s'n wees, maar dit lyk of niemand hulle wil hê nie". Om die waarheid te sê dit lyk of die aapmense 'n spesie was waaroor niemand hulle nou eintlik bekommer nie. As hulle vandag nog hier was sou die DBV en ander seker in rep en roer gewees het oor 'n uitsterwende spesie, maar dit lyk ook nie of dit húlle veel skeel wat van die aapmense geword het nie.

Maar wag, ek moet my regruk; meneer wil weet waar die aapmense vandaan kom. En al wat nou vir my oorbly is om betroubaar te gaan vasstel oor die aapmense se herkoms. Die enigste waarin ek iets daaroor te lese kry is 'n klomp Engelse boeke wat oor "evolution" gaan. Dit het mos iets met ontwikkeling oor 'n lang periode te doen, as ek reg is. Ek kyk in die woordeboek en lees dat die evolusieteorie wil hê dat hoëre diere en plante uit laeres van vroeër sou ontwikkel het. Sou meneer dan ook werklik dink dat ons eers diere moes gewees het, iets soos 'n aap wat later 'n aapmens sou geword het, en nog later 'n mens?

Nou wil ek ook weet: waar kom die aapmens vandaan? Meneer, ek lees in hierdie eienaardige boek dat daar snaakse goed gebeur het. Ek lees van iets soos 'n knaagdier wat later 'n walvis geword het, maar dis nie al nie, meneer moet dit self sien om dit te waardeer. En hier, hier op bl. 97 lees ek iets wat my totaal oorbluf. Hier verskyn 'n voorstelling van 'n dierding wat miljoene jare gelede op sy agterpote sou begin loop het, en hy word die aapmens genoem. Meneer ek verstaan glad nie hoe dit kon gebeur het nie, want die ding net vóór hom lyk dan nie eers na of 'n aap of selfs 'n mens nie. Hoe is dit moontlik dat die aap en die mens so bymekaar gekom het? Dit klink vir my na iets totaal onwerkliks. Is dit dalk 'n geval dat iemand besig is om blatant vir ons te lieg?

Om die waarheid te sê dit klink vir my na 'n totaal ander storie as wat ek by die huis en in die kerk geleer het. Dáár het ons van pa en ma en die meneer en juffrou nog in die Sondagskool gehoor dat God op die 6de dag van die skepping mense gemaak het na sy beeld en gelykenis. En, ja waarlik, hier lees ek dit in in Die Bybel, Genesis 1: 26 en 27 – "… as beeld van God het Hy die mens geskep, …". En in Gen. 2:7– "Die Here God het toe die mens gevorm uit die stof van die aarde …" So, as ek dit reg verstaan, het ons mense nie uit 'n gedierte soos die aapmens ontstaan nie, maar is oorspronklik as 'n ware mens deur God gemaak, met al die vermoëns waaroor ons as mense vandag nog beskik.

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 19

Nog iets: daar uit Gen. 1 is dit duidelik dat die ape en die mense verskillend van mekaar gemaak is; wat die evolusie se aapmens geheel en al oorbodig maak. Die idee van die aapmens begin vir my nou almeer na fantasie lyk. Hoe kan dit dan wees dat daar nog grootmense is wat dit vir die waarheid aanvaar? Dalk het meneer nog nie Die Bybel gelees nie, anders sou hy dit mos geweet het. Maar wat ek graag wil weet is hoe oom Darwin dit regkry om tot in ons verligte eeu mense so te betower dat hulle die storie van die evolusie bo die waarheid van die Woord verkies. Nou verstaan ek beter waarom pa soms sê daar is party grootmense wat nie met die feite verwar wil word nie.

Vervolg van bl. 18

die ware Oorsprong (Skeppergod) en die teësprekende wetenskapsbeskouing van die evolusieleer te slaan, wat totaal onmoontlik is.

Talle evolusioniste wat nog aan die Christelike belydenis wil probeer vashou, besef dat die lewensbeskoulik-uiteenlopende werklikhede tussen die skeppingsleer en die evolusieleer dit onmoontlik maak om hierdie staanplek (tegelyk Christen en evolusionis te wil wees) in te neem, en bied teïstiese evolusie as 'n oplossing aan. Skeppings- en evolusieleer kan egter op geen wyse met mekaar versoen word nie, weens die uiteenlopendheid van hulle religieuse herkomste en kontekste. Die verskille is eenvoudig onoorbrugbaar. Die onversoenbaarheid tussen Christelike en nie-christelike wetenskap is trouens 'n gegewe en behoort uit die referate wat tydens ons kongres aangebied staan te word, bevestig te word. Uit die voorskoue wat van die onderskeie referente ontvang is, en vanaf bl. 7 hiervan weergegee word, begin ons hierdie eeue-oue teenstelling (tussen Christelike en nie-christelike wetenskap) nogeens waarneem.

Wat wil ons dus bereik?

Die doel van ons kongres is o.m. om die lewensbeskoulike aard van die evolusionisme en die nuwe holistiese wetenskap teen dié van ons Christelike wetenskapsbeskouing op te weeg. Die wetenskaplikes, Darwin en Dawkins, word as die vaders van wetenskapsbeskouinge gereken, wat vreemd (teenstellend) binne die Christelike lewensoortuiging oorkom, maar wat om onverklaarbare redes bevorder wil word. Ons beleef dit dat aan die evolusionisme nuwe momentum gegee wil word, en dat van die Christen verwag word om onkrities by die stroom in te val. Die holistiese wetenskap van Dawkins word in die Angel-Saksiese wêreld teen die Christelike oortuiging afgespeel, en God-Drieënig word openlik ontken en teengestaan (dink bv. aan die on-Christelike veldtogte wat enkele maande gelede in Londen gevoer was en wat hoofopskrifte in die pers gehaal het). In Suid-Afrika word ons kinders en jongmense daaraan onderwerp om onder die voorskrif van die Departement Onderwys met die evolusionistiese lewensbeskouing geïndoktrineer te word.

Die kongres is daarop afgestem om lewensbeskoulike perspektiewe vanuit ons gemeenskaplik-Christelike geloof oor hierdie lewensbelangrike kwessie aan te dui, sodat standpunt ingeneem en keuses uitgeoefen kan word. Wat is die Christelike alternatief? Calvyn bied in hierdie opsig aan ons belangrike wegwysers uit die doodloopstraat waarin onderwys in Suid-Afrika hom tans bevind, waarvan ons kennis behoort te neem. In 2009 staan ons voor 'n tyd van beslissing sover dit die onderwys betref. Wat is die voor-die-hand-liggende keuse vir die Christen-Afrikaner? Uiteraard Christelike onderwys, sodat die eenheid van ons geloof en lewensbeskouing sal vasstaan, ter wille van ons getuienis en die toekoms van ons kinders en jongmense. Hiervandaan moet dit onvermydelik op lewenspraktyk uitloop, omdat geloof en praktyk in geen opsig van mekaar geskei kan word nie. Die Christen se lewenshouding moet tog 'n toonbeeld van konsekwentheid wees, ondanks die feit dat ons nog nie in die volmaakte bedeling leef nie.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath, Prof D.F.M.Strauss.

50
(1999)

Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds S. le Cornu (Carltonville), Ds G. van Heerden (De Deur), Prof R. Marè (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Ds G. Opperman (Brits), Dr H.G. Stoker (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer (Brakpan), F.A. van Deventer (Pretoria), Prof J.A.E. Adendorff (Germiston), ds J.J. Viljoen (Pretoria), en dr A.L.A. Buys (Pretoria).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes

Gedruk deur Handisa Media • Tel: (051) 403 8500